

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

## Skepperlose verlossing?

Daar was glo gelyktydig 'n Adam en ander Adamiete geskep. Hierdie nuwe-ou insig wat tans die rondte in kerke begin doen, is adderlik giftig. Die standpunt kom nie uit die Skrif nie. Die Skrif – en so het die christendom dit nog al die eeue verstaan – openbaar dat God een historiese mens, Adam, eerste geskep het. Daarná, en uit Adam, kom die hele mensdom voort. Uit een bloed het God al die nasies van die mensdom gemaak (Handelinge 17:26; DLR hoofstuk 3/4, paragraaf 2). Hierdie nuwe tendens, om 'n vorm van ewolusie in die kerk te laat posvat, bedreig nie net die welwese nie, maar die wese van die kerk. Ons moet na die gevolge van so 'n standpunt kyk.

- Indien God ander mense gelyktydig naas Adam geskape het, beteken dit dat die mensdom in 'n veelheid ontstaan het. Dit is 'n tipiese heidense geworstel oor die vraag of alle dinge nou uit een of uit baie ontstaan het. God die Vader is ons Skepper. Hy het alles deur sy Woord laat ontstaan. Sy Woord het vlees geword. Hierdie Jesus, die Christus, is die tweede Adam. Indien daar nou nie meer 'n eerste oorspronklike

Adam (Romeine 5:14) is nie, is dit logies dat die kerk nie meer histories van Christus as die tweede Adam (1 Korintiërs 15:45) belydenis mag doen nie.

- As ons nie meer bely dat God se Woord histories betroubaar is oor die skepping van die mens nie, watter logiese rede het 'n mens dan om God se Woord te vertrou oor die historiese betroubaarheid van die verlossing? God bind sy waaragtigheid daaraan dat Hy die Skepper is van alle dinge. Daarná, histories, openbaar Hy Hom as Verlosser. Dit is geen geringe waarheid wat die kerk in NGB artikel 2 bely nie, naamlik dat God geken kan word 'ten eerste deur middel van die skepping ...' en 'ten tweede maak Hy Hom deur sy heilige en Goddelike Woord nog duideliker en meer volkome bekend ...'.
- Die verbondsorde van God se openbaring is hier in gedrang. Wat God eerste doen, mag geen mens tweedehands wil stel nie. Wat God in volgorde stel, mag geen mens in wanorde bring nie. Dit is nie moontlik om God as Verlosser te aanbid, sonder om Hom as Skepper te ken nie. Trouens, hierdie 'nuwe'

ewolusiegedagte vertoon in 'n groot mate ou gnostieke idees uit die tweede eeu, waar van twee gode – 'n skeppergod (demiurg) en 'n ander verlossergod – gepraat is. Die kerk het vroeg reeds die gnostiek as die slang se lispelspel afgewys.

- As God ander mense gelyktydig geskep het, kan daar nie meer van skepping sprake wees nie. Dit is ook die belaglikheid van die sogenaamde teïstiese ewolusie. Dit probeer twee punte aan mekaar verbind wat mekaar inherent uitsluit. Om te sê dat God deur ewolusie sou skep, en dan nog meer as een Adam gelyk, beteken dat God as Skepper moeite doen om te verberg dat Hy Skepper is. Dit terwyl die hele Skrif getuig dat dit juis is waaroor sy openbaring gaan: om Hom as Skepper te aanbid. Sonder die eerste geloofsbelijdenis-artikel ('Ek glo in God die Vader, die Skepper ...') kán daar geen kerk wees nie.

Die kerk mag nie die skeppingsbelijdenis vir 'n ontblote mite verruil nie. Dit is 'n onbewysbare mite dat God meer mense as Adam sou geskape het. Selfs die DNS-spesialiste begin

### INHOUD

- 1 Redaksioneel  
**Skepperlose verlossing**
- 2 Skrifoordenking  
**U wil geskied, niteenstaande . . .**  
*Ds SD Snyman*
- 4 Kerkerf  
**Skrifberoep in die gereformeerde etiek**  
*Dr HG Stoker*
- 10 **Koninkryk in oorgangstyd**  
*Ds C Jooste*

- 12 **Van die VGL-bestuur**
- 13 Aktueel  
**Onverdraagsame verdraagsaamheid**  
*Prof HG Stoker*
- 16 Regte  
**Vas en bindend, tensy (2)**  
*Dr AH van den Bout*
- 18 Onderwys  
**'n Gereformeerde ouerskool!**  
*P le Roux Bisschoff*

- 21 Op die boekrak  
**Ken jy hulle?**  
*Mev H Schutte*
- 22 Persskou  
**- Vyf redes vir tweede diens**  
**- Waar is die diakens heen?**  
**- Afknouery op skool**  
**- Die pous oor 'Jesus van Nasaret'**  
**- Gedagtes oor Skrifbeskouing**  
*Dr ALA Buys*

praat van 'n 'proto-Adam'. Die teologiese duimsuig, hoe geleerd en geëerd dit ook al mag klink, is klinkklare buikspraak en teenspraak teen God. Dit is nie nuwe kerklike slimheid nie, maar ou heidense gnostieke domheid (Psalm 14:1).

'n Mitologiese skepping lei onafwendbaar tot 'n mitologiese verlossing. God speel nie wegkruipertjie nie. Hy skep nie

deur te maak of Hy nie skep nie. Die kerk se belydenis is nie raai-raai-riepa nie. Dit is amen; amen op God se Woord wat histories geword het, mens geword het.

Evolusie in al sy vorme, ook die makgemaakte teïstiese Egiptiese kobra, is direk die ontkenning van die bestaan van God die Skepper. Dit is ook die hoogste vorm van ontmensing. Jesus Christus is die

tweede Adam, die eintlike mens, die verbondshoof van die kerk.

Ouderlinge sal goed doen om te let op lidmate wat hardnekkig die ou gnostiek met 'n nuwe kerkbaadjie wil dra. Ons moet op ons hoede wees vir dié nuwe baadjie in die kerk: 'n skepperlose verlosser.

## SKRIFOORDENKING

Ds SD Snyman, Pretoria-Magalieskruin

# U wil geskied, nieteenstaande . . .

**Lees: 2 Kronieke 36:11-21;  
Jeremia 37:1-10**

***Want al sou julle die hele leër van die Chaldeërs wat teen julle oorlog voer, verslaan, sodat daar onder hulle net swaar gewondes oorbly, dan sou hulle elkeen in sy tent opstaan en hierdie stad met vuur verbrand (Jeremia 37:10).***

Baie stemme praat oor wat vorentoe in hierdie land gaan gebeur: stemme van politieke partye en ontleders, van ekonome en vakbonde, van gewone Suid-Afrikaners hier, en in die buiteland.

Party van hierdie stemme wil ons wysmaak dat alles reg is en dat net voorspoed vorentoe wag. Ander sê weer dat alles onkeerbaar op die afdraandepad is en dat ons ons moet regmaak vir die ergste. Ander is onseker en probeer uitwerk hoe dinge gaan verloop deur al die aardse magte, faktore, partye, persoonlikhede en tendense wat 'n invloed op sake kan hê, te bestudeer en te analiseer.

Wie teen al hierdie aardse faktore vaskyk en die Here in die proses miskyk, sal nooit by 'n antwoord uitkom nie. Die Here is, vir dit wat Hy in hierdie wêreld wil doen, nie van hierdie aardse dinge afhanklik nie.

## Menslike interpretasie

Die mense in Jeremia se tyd het die destydse gebeure op tipies-menslike manier geïnterpreteer. Oor 'n tydperk van jare het Juda van die regte pad afgedwaal. Aan die een kant het hulle nog die Here probeer dien, maar aan die ander kant het hulle al die sondes van die heidene rondom hulle gedoen.

Vir die Here was hierdie dubbelhartigheid natuurlik heeltemal onaanvaarbaar. Daarom het Hy profete na die volk gestuur om hulle tot bekering te roep. Hierdie profete het by die volk aangedring om die Here weer met onverdeelde harte te dien, en hulle gewaarsku oor wat die gevolge sou wees as hulle hulle nie sou bekeer nie.

Behalwe vir 'n paar opflikkerings, het dit nie gehelp nie. Die Here het naderhand gedoen wat Hy gedreig het om te doen. Hy het die sterk en wrede heidense Babiloniërs gebring om sy koppige volk te kom vertrap en hulle as ballinge na Babel weg te voer.

Die oorlog wat Babel teen Juda gevoer het, het 'n lang verloop gehad. In 2 Kronieke 36 handel dit oor Sedekia, die koning van Juda, wat deur die Babiloniërs koning

gemaak is, nadat hy aan die koning van Babel trou gesweer het. Hulle het toe alreeds die oorhand oor die Here se volk gehad en twee van die vorige konings, Jokatim en Jojagin, in ballingskap weggevat.

Sedekia het egter nie sy woord gehou nie, maar teen die Babiloniërs gerebelleer en 'n verdedigingsooreenkoms met die Egiptenare gesluit. Hierop het Nebukadnesar, die koning van Babel, met sy leër die hoofstad van Juda, Jerusalem, kom beleër. Die Egiptenare, wat hulle ooreenkoms met Juda gehou het, het uit Egipte opgetrek om die Judeërs te kom help. Toe Nebukadnesar dít hoor, het hy eers die beleëring van Jerusalem gelos om hierdie nuwe vyand aan te val.

Op hierdie punt pas Jeremia 37:10 in. Uit dié vers kan afgelei word hoe die Judeërs al hierdie dinge wat gebeur het, geïnterpreteer het. Hulle het gereken dat dit alles wys dat die Here sy volk nie in die hande van die heidense Babel gaan oorgee nie; dat die Egiptenare die Babiloniërs op hulle baadjie gaan gee, en dat hulle dan vry gaan wees!

Die fout wat hulle met hierdie interpretasie gemaak het, was om na die aardse en sigbare faktore te

kyk en daarvolgens hulle somme te maak. Op hierdie manier het hulle by die antwoord uitgekóm dat die Here hulle nie meer gaan straf nie, want alles werk dan nou so goed vir hulle uit! Hulle het gereken dat die aardse faktore die deurslag gaan gee, dat hulle dáárna moet kyk as hulle wil weet hoe dinge vir hulle gaan uitwerk.

Deur sy profeet sê die Here hier dat dit 'n fout is om só te dink en só te interpreteer. Hy wil dat sy kinders anders moet kyk, dink en interpreteer.

## Die Here se wil

In Jeremia 37:9-10 maak die Here dit duidelik dat Hy nie van aardse faktore (soldate, wapens en politieke en militêre verwickelinge) afhanklik is nie. As Hy sy volk wil straf dan sál die straf kom. As Hy besluit het dat Jerusalem oor al sy sondes moet brand, dan sál Jerusalem brand, maak nie saak wat verder gebeur nie.

Die volk se berekening (sê die Here) gaan nie uitwerk nie, want die Egiptiese leër gaan omdraai. Hulle gaan nie eers teen Babel probeer veg nie. Dit het ook so gebeur. Die Babiloniërs gaan terugkom en Jerusalem inneem en met vuur verbrand. Ook dit het so gebeur. Al sou daar 'n militêre wonderwerk gebeur en die Judeërs die Babiloniërs verslaan – wat nié gebeur het nie – dan sal hulle dodelik-gewondes nog kom en Jerusalem afbrand!

Dit alles sal so uitwerk, want die Here het besluit dat Jerusalem moet brand. Hy is vir die uitvoering van wat Hy besluit het nie afhanklik van wat mense dink of bereken of doen nie. Of daar nog 'n sterk Babiloniese leër oor is, en of daar nog net 'n paar sterwende Babiloniese soldate oor is, maak vir die Here nie saak nie. Wat Hy beplan het om te doen, kán Hy doen en gáán Hy doen, en niemand kan dit keer nie!

Hy kan immers doen wat Hy wil, maak nie saak hoe dinge hier op aarde staan nie. Hy is vir die uitvoering van sy planne aan geen mag, mens, party, persoonlikheid

of tendens gebind of ondergeskik nie.

So was dit hier, toe Hy wou straf.

So was dit ook toe Hy vir sy uitverkorenes die ewige lewe bewerk het. Nie een van die magte, mense of faktore wat die duiwel teen Hom ingespan het, kon die Here Jesus keer om sy verlossingswerk te doen nie. Selfs sy kruisiging en graf, wat volgens menslike berekenings sy ondergang en einde was, was alles behalwe dit. Intendeel, sy kruisdood was juis die betaling van sondaars se skuld by God – verlossingswerk! Juis daar by die graf het Hy die beslissende slag geslaan toe Hy op die derde dag lewendig uit die graf opgestaan en so vir elkeen wat in Hom glo die dood se mag gebreek het. Ook toe die Here wou red, kon niks en niemand Hom keer nie!

Só wil die Here hê moet ons kyk: nie na die aardse faktore om dáárvolgens somme te maak en dan te dink ons weet hoe dinge gaan uitwerk nie, maar na sý planne. Dán sal ons weet hoe dinge gaan uitwerk, want wat die Here beplan gáán gebeur, al sê ons aardse berekening wat.

## En vandag?

Vandag is dit nog so. Die Here verander nie.

Dink byvoorbeeld aan ons landsomstandighede. Daar word baie gepraat oor wat vorentoe in hierdie land gaan gebeur. Amper almal het een of ander voorspelling, wat wissel van baie rooskleurig tot uiters ellendig. Van alle kante word 'n verskeidenheid faktore bestudeer en teen mekaar opgeweeg. Daarvolgens word die toekoms-scenario's geskets. Party voorspel dat Suid-Afrika die vlagskip van 'n nuwe Afrika gaan word, terwyl ander weer sien hoe ons 'n tweede Zimbabwe word – of nog erger ...

Dieselfde gebeur in christelike kringe in ons land. Daar word allerhande studies gedoen en konferensies gehou oor kerklike tendense en oor faktore wat 'n invloed op mense se

geloof kan uitoefen. Dit móét ook gebeur. Ons moet ons verantwoordelikhede so getrou en deeglik moontlik nakom. Ook hier word sommetjies gemaak en projeksies gedoen, wat wissel van mense wat aardskuddende herlewings voorspel tot mense wat ons wil wysmaak dat Bybelgetroue kerke se dae hier in Suider-Afrika getel is.

Wat die Here sy kinders in hierdie hoofstuk van Jeremia geleer het, geld vir ons en ons tyd ook. Ons kan nie maar net na die aardse magte en faktore kyk en daarvolgens dink dat ons weet wat gaan gebeur nie. Eintlik is hierdie magte en faktore wat ons kan sien en bereken irrelevant; dit bepaal nie wat gaan gebeur nie. Wat die Here wil, gaan die deurslag gee. Sý plan vir hierdie land en vir sy kerk in hierdie land gaan gebeur. Of die aardse faktore daarvóór of daartéén is, maak nie saak nie. Wat Hy wil, kan Hy in elk geval doen. As Hy wil hê dat Jerusalem moet brand, kan Hy dit laat doen deur die magtige Babiloniese leër, of Hy kan dit laat doen deur 'n paar dodelik-gewonde soldaatjies wat uit hulle tente moet kruip om die stad aan die brand te steek!

Aan die een kant is hierdie vir ons 'n groot troos. Dit beteken dat as die Here vir hierdie land, of vir een of meer van die volke in hierdie land, of vir 'n familie wat in hierdie land woon, 'n goeie toekoms wil gee, dan sal niemand dit kan keer nie. As Hy die ekonomie van hierdie land wil laat blom, dan sal nie 'n swak rand, of 'n hemelhoë olieprys, of die swak bestuur van groot organisasies, of die inkrimping van die wêreld-ekonomie, of wat ook al, Hom keer nie. Hy is nie van hierdie faktore afhanklik nie. Hy kan hulle gebruik, maar Hy is nie van hulle afhanklik nie. Net so, as Hy ons teen ons vyande wil beskerm, dan sal ons veilig wees, al is die misdaadstatistiek hoe hoog, al sou die sterkste weermag in die wêreld ons kom aanval!

Dit geld ook in ons persoonlike lewens. As die Here my, byvoorbeeld wanneer ek siek is, gesond wil maak, is Hy nie

afhanklik van hoe ver die siekte al gevorder is, of hoe goed die medikasie daarvoor is, of wat die dokters reken my kans op herstel is nie. Hy kan my met of sonder medisyne, in lyn met verwagtings of teen alle verwagtings in, gesond maak. Alles hang maar net af van wat sý plan is!

As Hy sy kerk in hierdie land wil laat bly en wil laat groei, dan sal Hy selfs die mees optimistiese voorspellings by verre kan oortref.

Daarom is dit aan die een kant 'n wonderlike troos om te weet dat die Here nie van aardse magte en faktore afhanklik is vir wat Hy wil doen nie.

Aan die ander kant laat hierdie feit ook 'n sterk waarskuwing uitgaan. As die Here hierdie land, of een of meer van die volke in hierdie land, of 'n bepaalde familie of individu, of sy kerk in hierdie land met sy oordeelsvuur wil brand of met sy liefdesvuur wil louter (en daar is oorgenoeg rede daarvoor), dan sal niemand dit ook kan keer nie. Dan sal geen persoon, party, organisasie, grondwet, manifest, politieke- of ekonomiese beleid, opheffingsprogram of misdaadbestrydingstrategie Hom keer nie.

As dit al manier is waarop mense hier gaan leer om regtig vir die Here te luister, dan sal die Here hierdie land laat brand, al sou

hier net een vuurhoutjie oor wees waarmee dit aan die brand gesteeek kan word.

Ons behoort ons dus baie minder moeg te maak om te probeer uitwerk hoe ons die aardse faktore kan plooi om dinge tog mooi vir ons te laat uitwerk. Ons moet baie meer moeite doen om te probeer verstaan en doen wat die Here van ons wil hê, sodat dit nie vir Hom nodig sal word om hierdie land te moet brand nie.

Wat gaan vorentoe in hierdie land gebeur?

Die antwoord gaan ons nie kry deur horisontaal te kyk nie. Ons moet vertikaal kyk.

## KERKERF

Dr HG Stoker, Rietvallei

# Skrifberoep in die gereformeerde etiek

Argumente in vandag se debatte in breë gereformeerde kringe oor Skrifberoep in die etiek, staan telkens in noue verband met dit wat al amper 50 jaar gelede deur twee invloedryke etici uit gereformeerde kringe, HM Kuitert en J Douma, geskryf is. Die doel van hierdie aanbieding is om hulle argumente vir en teen 'n tradisioneel-gereformeerde Skrifberoep te behandel, van hulle tydgenote se kommentaar daarby in te trek, en dit alles te oorweeg.

## Argumente teen 'n tradisioneel-gereformeerde Skrifberoep in die etiek

In sy werk *Verstaat gij wat gij leest* (1969:8) stel HM Kuitert dat hoewel die Bybel die Woord van God genoem kan word, dit nie beteken dat alles wat in die Bybel as gebod van God staan deur ons gehoorsaam behoort te word nie. Hy stel dat daar talle gebooië in die

Bybel is (sabbatsgebod, die verbod op die eet van bloed, ensovoorts) wat geen enkele christen meer hou nie.

In sy artikel wat handel oor Skrifberoep in die etiek (1970:63-87) gee Kuitert 'n aantal argumente wat volgens hom sou inhou dat 'n direkte beroep op die Skrif vir die etiek nie moontlik is nie. Dit wys vir hom op 'de onmogelike van een regelrecht Schriftberoep in tradisionele zin', want: 'Wij doen het vandaag anders dan de bijbel voorschrijft en in de bijbel doet men het anders dan wij vandaag voor geboden houden' (1970:69).

Kuitert stel dat christene vandag nie net dinge wat in die Bybelse tyd vanselfsprekend was, nie doen nie, maar dat juis die doen van dit wat in die Bybelse tyd as aanvaarde norm gegeld het, in die christelike gemeente vandag opspraak sou verwek. As voorbeeld hiervan verwys Kuitert

na huwelikswetgewing ('die door het Oude en Nieuwe Testament verondersteld wordt' – 1970:67), wat as dit vandag onderhou sou word, selfs kon veroorsaak dat die onderhouer deur die christelike kerk onder sensuur geplaas kan word; asook, breër, na die Bybelse siening van die man-vrou-verhouding.

'n Verdere voorbeeld waarmee Kuitert sy stelling wil bewys is die etiese probleem van slawerny (1970:70,71). Terwyl die samelewing slawerny vandag tereg as weersinwekkend beskou en lank reeds afgeskaf het, gee die Nuwe Testament (om van die Ou Testament nie te praat nie) nie net aanwysings hoe met slawe gehandel moes word nie, maar beveel die Skrif selfs slawe om hulle base te gehoorsaam! Kuitert stel ook dat die huidige Skrifberoep om deelname aan oorlog goed te keur, eendag soos slawerny tans, as onsinnig beskou sal word.

As verdere voorbeelde noem Kuitert wetgewing van Israel, soos die sabbats- of jubeljaar, of die eet van bloed. Kuitert wys daarop dat die christelike tradisie op geen tydstep moeite gedoen het om die sabbats- of jubeljaar (vergelyk Levitikus 20:1-22) te onderhou nie. Die rede wat hiervoor voorgelê word is dat dit burgerlike wetgewing is wat alleen op Israel betrekking gehad het. Hierteenoor wys Kuitert (1970:70) daarop dat iets soos die verbod op die eet van bloed, wat ook as burgerlike wet beperk tot Israel gesien word, en dus ook nie deur die christelike tradisie onderhou is nie, tog uitdruklik in Handeling 15:20 op nie-joodse christene van toepassing gemaak is. Dit dui dus verder op die willekeur van sodanige onderskeiding.

Kuitert (1970:68,69) verwys as voorbeeld na eksegete se verskillende eksegeses van die bergrede. Sonder om name te noem stel Kuitert dat sommige eksegete die gebooië van die bergrede sien as geldend vir alle lewenssterreine. Ander beperk die geldingsgebied tot omgang binne die christelike gemeente. 'n Derde groep sien dit as slegs geldig vir die persoonlike (in teenstelling met die publieke) lewe. 'n Vierde groep beskou weer die gebooië van die bergrede as eskatologies van aard en waaraan dus nie in hierdie wêreld voldoen kan word nie.

Kuitert wys daarop dat die Heidelbergse Kategismus dit waaraan die christen hom moet hou, in die Tien Gebooië saamvat. Hierdie indeling lei egter volgens Kuitert skipbreuk wanneer dit by die Sabbatsgebod kom. Hoewel dit deel van die Tien Gebooië is, bevat dit duidelik ook 'n seremoniële kant, wat niemand meer onderhou nie (1970:73,74). Hier het ons dus 'n gebod wat deel is van die Tien Gebooië, maar wat net soos die seremoniële wette, 'slegs ten opsigte van sy morele sy/kern' geld.

Op grond van Jeremia 31, Hebreërs 8:13 en Galasiërs 4:1-11 stel Kuitert in sy werk *Verstaat gij wat gij leest* dat die Bybel self die antwoord gee

waarom die wet van die Horeb-verbond deur christene nie meer gehou word nie. Die rede is dat dit nie mag nie, omdat die Bybel dit verbied (vgl Visee, 1969:18).

Op die verskil wat die 'christelike tradisie' maak tussen gebooië wat God self uitdruklik gegee het en gebooië waar dit nie die geval is nie, gaan Kuitert nie apart in nie. In sy boek *Verstaat gij wat gij leest* wys hy wel daarop dat daar baie gebooië is, ook gebooië wat uitdruklik deur God gegee is, wat geen enkele christen vandag meer hou nie, al weet hy dat dit in die Bybel staan as 'n van God gegee gebod. In die verband verwys hy onder andere na die sabbatsgebod ('door God self gegee!').

Kuitert se kritiek op die 'tradisionele' wyse van direkte Skrifberoep in die etiek kan daarmee saamgevat word dat laasgenoemde volgens hom nie die probleem van willekeur kon ontsnap nie (1970:71). Hy maak die gevolgtrekking dat die fyn vertakte sisteem van die tradisionele gereformeerde hermeneutiek eintlik niks anders doen as om van die totaliteit van die Bybelse gebooië af te skrap wat nie bruikbaar is nie, en daardie gebooië oor te hou wat na die beste van hulle wete nodig was vir die menslike samelewing van hulle eie tyd (1970:74). Hierdie hermeneutiek kom dus 'in' en 'vanuit' die bestaande praktyk na die Bybelse gebooië. Nie die omslagtige beredeneringe nie, maar die praktyk was dus die rede waarom die Skrifberoep in die een geval wel en in die ander geval nie gegeld het nie! Al wat 'onze vaders' nog van volslae willekeur gevrywaar het, was 'een conceptie als *lex naturalis*' (1970:74).

### **Reaksie op argumente teen 'n tradisioneel-gereformeerde Skrifberoep in die etiek**

Kuitert wys tereg op die verskil tussen die kultuur-historiese situasie in die Bybelse tyd en vandag. Hy fouteer egter as hy die Skrif daarom as 'tydgebonde' beskryf en dit stel teenoor die siening van die Skrif

as tydloos (wat die gereformeerde tradisie sou voorstaan). Hier word 'n derde term benodig naamlik dat die Skrif 'tydgerig' is.

As voorbeeld van die tydgebondenheid van die Bybel verwys Kuitert na die verskil tussen die Bybelse siening en ons siening vandag van die man-vrou-verhouding. Kuitert impliseer hier dat die vrou in die geskiedenis gelyk het as gevolg van die onderhorige posisie wat die Skrif aan hulle toegeken het en dat dit vandag logies nie meer geld nie. God het dus deur sy gebooië in die Ou Testament 'n onreg aan die vrou gedoen. Hierteenoor handhaaf ons dat die man-vrou-verhouding soos in die Ou Testament geskets en in die Nuwe Testament die heerlike taak gegee is om as beeld van die verhouding tussen Christus en sy gemeente te dien, nie 'n onreg deur God aan die vrou is nie, maar 'n skeppingsgeewe en genadige ordening van God. Die onderdanigheid van die vrou aan die man geld dus (in teenstelling met wat Kuitert beweer) vandag nog vir die huwelik. Hierdie onderdanigheid moet juis beeld wees van die onderdanigheid van die gemeente aan Christus (Efesiërs 5:24). Juis in die sin is die onderdanigheid nie 'n slaafse onderdanigheid nie (soos wat dit dikwels gesien word), maar 'n liefdesondersteuning in 'n liefdesverhouding met iemand wat haar tot die dood toe liefhet (Efesiërs 5:25-29).

'n Verdere voorbeeld waarmee Kuitert wil aantoon dat die verskil in situasie tussen die Bybelse tyd en vandag 'n direkte beroep op die Skrif vir die etiek onmoontlik maak, handel oor die vergelyking wat hy trek tussen slawerny en oorlogvoering (1970:70,71). Net so onsinnig as dat iemand hom vandag op die Bybel sal beroep vir die regverdiging van slawerny, sal volgens Kuitert in die toekoms 'n beroep op die Skrif vir oorlogvoering wees. Kuitert se parallel tussen slawerny en oorlogvoering gaan egter nie op

nie. Douma (1975:45) wys tereg daarop dat 'n beroep op die Skrif om slawe aan te hou onsinnig is. Dit sal alleen kon gebeur as die Skrif 'n gebod gehad het om slawe aan te hou. Hy stel dan dat die rede waarom dit in christelike kring so lank geduur het om slawery af te skaf, nie in die onduidelikheid van die Skrif lê nie, maar in die ontbreking van fyngevoeligheid om te onderskei waar dit op aankom.

Hierteenoor het die staat die opdrag van God 'om die een wat kwaad doen te straf' (Romeine 13:4). Die swaard in die hand van die owerheid is dan nie net die polisiemag nie, maar ook die weermag wat dié wat van buite af die staat bedreig, moet straf. Juis omdat daar deur die sondeval kwaad in die wêreld gekom het, sal daar tot aan die voleinding oorlog gevoer word (soos ook in die hemele) om die kwaad te stuit. Hoewel slawery nooit gebied (of verbied) word in die Skrif nie, word die opdrag aan die staat gegee om die kwaaddoener te straf. Kuitert misken die sondigheid van die mens as hy dink dat die kwaad wat gestraf moet word, van verbygaande aard is. Alleen 'n optimistiese maatskappybeskouing (wat nie rekening met die sondige aard van die mens hou nie) kan beweer dat ons in hierdie bedeling tot 'n permanente vrede kan kom.

Ten opsigte van slawery, opstand teen die owerheid en ander etiese probleme stel Douma in 'n latere werk (1984:43-44) dat die Skrif wel deur talle verkeerd gebruik is en word. Hierdie misbruik hef egter nie die goeie gebruik van die Skrif op nie. Hoewel die Fariseërs in hulle Skrifgebruik teenoor Jesus gestaan het en die Judaïste teenoor Paulus, 'werd daardoor de Schrift nog niet uit de handen van Jezus en Paulus geslagen'.

Wat die verskil tussen Ou en Nuwe Testamentiese gebooië betref, moet beklemtoon word dat die Testamente nie los van mekaar staan nie, maar dat die Nuwe Testament duidelik bou op die Ou Testament, en gebeure van die Nuwe Testament die vervulling van profesieë van die Ou Testament

is. Dit is dieselfde God wat Hom in die Ou en die Nuwe Testament openbaar. Dit is belangrik om te sien dat binne die eenheid van die Skrif daar ook 'n duidelike verskeidenheid bestaan waarmee in die etiek rekening gehou moet word. Reeds die benamings 'Ou' en 'Nuwe' Testament dui aan dat laasgenoemde nie 'n blote herhaling van eersgenoemde is nie.

'By die basiese kontinuïteit kom tog ook die beslissend nuwe van die Nuwe Testament (vgl. Hebr. 1:1-4). ... Die verskil is geleë in die wyse waarop hierdie God verkondig word, in die perspektief op die openbaring, ens. Die grootste verskil is die van voor Christus en na Christus, terwyl Christus terselfdertyd ook die eenheidsband is' (Coetzee *et al*, 1980:28). Dit bring mee dat met die plek van 'n Skrifgedeelte en -gebod in die openbaringsgeskiedenis rekening gehou moet word.

Op die probleem van Kuitert en andere dat die 'tradisionele' Skrifbeskouing willekeurig besluit watter Bybelse (Ou-Testamentiese) gebooië geldig is, antwoord ons saam met Jonker (ongedateerd:5) dat die Skrif self onderskei tussen die blywende en wisselende elemente in die Ou-Testamentiese gebod. Teenoor Kuitert wat die oplossing sien in 'n indirekte Skrifberoep waar Bybelse gebooië (willekeurig - HGS) herformuleer word deur 'n voortgaande gesprek tussen kerk en Skrif (1970:87), stel Jonker dat die Skrif self aan ons toon hoe rekening gehou moet word met die dinamiese en historiese situasie waarin die Nuwe-Testamentiese gemeentes hulle bevind (ongedateerd:5). Op die vraag of vandag op dieselfde manier met die gebooië van die Nuwe Testament omgegaan mag word, as wat die Nuwe Testament met die gebooië van die Ou Testament omgaan, antwoord Jonker dat ons heilshistories veel digter by die Nuwe Testament staan, as wat die Nuwe Testament van die Ou Testament af staan. Hoewel dit moontlik is dat ons vandag in ons Skrifberoep in die

etiek nuwe aksente lê, bly ons deel van die Nuwe-Testamentiese kerk en van die Nuwe-Testamentiese bedeling, met dit wat daarvoor as geldend in die Skrif gegee is!

Dat eksegete deur die loop van die geskiedenis, en vandag nog, verskil oor die eksegesië (verklaring) van bykans elke Skrifgedeelte in die Bybel, sal deur niemand betwyfel kan word nie. Tog maak dit nie dat ons ons nie op die Bybel kan en moet beroep ten opsigte van etiese sake nie. God het ons nie 'n onverstaanbare of duistere Boek gegee nie, maar Hom duidelik en genoegsaam in sy Woord aan ons geopenbaar. Dit beteken egter nie dat die Bybel nie misverstaan kan word nie, want ons bly sondige mense. Daarom is dit belangrik dat ons na die Bybel self gaan om ons die (hermeneutiese) sleutel tot 'n regte Skrifberoep te gee. Want as ons die lig van die Skrif op ons lewenspad wil laat val, is dit gebiedend noodsaaklik dat op die regte wyse na die Skrif geluister word. Anders laat ons die Skrif ons idees buikspreek.

Die sondigheid van die mens is egter nie al rede waarom eksegete oor die eeue tot verskillende verklarings van die Heilige Skrif gekom het nie. Omdat tye verander en die Skrif en sy gebooië nie tydloos is nie, maar tydgerig (let wel nie tydgebonde nie!), moet daar deur die eeue klemverskille in die christelike etiek kom om dit tydgerig te hou. Dit wil egter geen willekeur nie, maar eis van eksegete die grootste verantwoordelikheid om God se Woord, onveranderd, direk vir elke spesifieke tyd te laat spreek!

Ons besit nie 'n etiek wat kant en klaar vir alle tye geld nie. Weens die gebrokenheid van die christelike etici voor ons, roep ook die christelike etiek telkens om reformasie. Daarby bring elke eeu nuwe vrae en probleme na vore waarop antwoorde gevind moet word. Wat ons egter wel besit, is die belofte dat die Gees wat die Outeur van die Skrif is, ons in die waarheid van die Skrif sal lei. Daarom, stel Douma (1975:46), moet ons met goeie moed bly

stry, om vanuit dit wat seker is (die konstante/vaste wat ons in die Skrif gegee is) antwoorde te vind op vrae wat andere of onself aan ons stel.

Volgens Kuitert maak die christelike tradisie 'n onderskeid tussen gebooie wat sonder uitsondering geld en die wat met uitsondering geld (1970:69). In die verband verwys hy na die bergrede waar gebooie oor egskending tradisioneel sonder uitsondering geld, terwyl die oor eed en geweld met uitsondering geld. Douma (1975:45) wys daarop dat Kuitert hier op 'n heel biblisistiese wyse met die Skrif omgaan. Dit is nie die christelike tradisie wat besluit het dat daar uitsonderings is ten opsigte van die verbod op doodslag en die eed nie, maar die Skrif stel dit self. Matteus 5 mag nie los van die res van die Skrif gesien word nie (dit is biblisme wat Kuitert juis wil bestry!), maar Skrif moet met Skrif vergelyk word.

Ten opsigte van Kuitert se kritiek op die onderskeid wat gemaak word tussen seremoniële en burgerlike wette aan die een kant en sedelike of morele wette aan die ander kant, stel Douma (1975:43,44) dat die vroeëre protestantse eksegete hierdie onderskeiding tereg getrek het – nie as 'n verleentheidsargument soos wat dit uit Kuitert se betoog wil blyk nie, maar in respektering van hierdie 'verouderde' bepalinge waaruit God se wysheid, barmhartigheid en liefde vir sy volk blyk. Die Nuwe-Testamentiese christen is nie net losgemaak van sy binding aan die tempel van Israel nie, maar ook van die land Israel self. Hierdeur kan baie van die wetgewing van Israel nie meer direkte gesag in die lewe van die volk van God hê nie.

Hebreërs 8 sluit by Jeremia 31 aan as dit daarop wys dat die Ou Verbond in Christus deur 'n Nuwe Verbond vervang is. Die Ou Verbond dui hier nie op die Ou Testament of op die verbond met Abraham nie, maar op die Sinai-verbond (Hebreërs 8:9; vergelyk Floor (1984:31 e.v. in hierdie verband). Die Sinai-verbond wat sterk visueel kulties-seremonieel

was, en spruit uit die 'kinderdae' van die volk van God, is dus met die koms van Christus vervang deur 'n nuwe verbond. Die Sinai-verbond, wat ingebou was in die Abraham-verbond om die verbondsverhouding te reël, is in die nuwe bedeling deur 'n nuwe verbondsverhouding tussen God en mens vervang (Hebreërs 8:10-12).

Om te verstaan welke Ou-Testamentiese gebooie in Christus se koms voltooi is, moet ons ons vertrekpunt in die Bybel as Woord van God Self neem. Hier tref ons 'n stygende openbaringslyn deur die Skrif aan. Terwyl byvoorbeeld die seremonies van die Ou Testament na Christus toe wys, moet ons ons oë op die Nuwe Testament rig vir lig op wat Christus in die nuwe bedeling steeds van ons vereis (vergelyk Kolossense 2:16-23 wat sekere Ou-Testamentiese instellings beskryf as "n skaduwee van die toekomstige dinge". Selfs die besnydenis as teken en seël van die Ou Verbond is in Christus vervul en het geen nut meer nie (Galasiërs 5:2)).

As na die briewe van Paulus gekyk word, val dit op dat terwyl die Ou Testament vir hom bindende gesag het, en hy duidelik en breedvoerig handel oor hoe die nuwe lewe van die christen daar behoort uit te sien, siteer hy geen seremoniële wet wat steeds deur christene onderhou moet word nie. Daarenteen verklaar hy dat niks op sigself onrein is nie (Romeine 14:14; vergelyk ook Handeling 10).

Wat die burgerlike wetgewing betref verwys Kuitert na die verbod op die eet van bloed wat nie meer vandag deur christene onderhou word nie, hoewel dit nie net in die Ou Testament nie, maar ook uitdruklik in Handeling 15:20 verbied word (1970:70). Uit die konteks is dit egter baie duidelik dat, hoewel die Joodse binding aan die wet van Moses vir die heidenchristen afgewys word, liefde tog oorgangmaatreëls noodsaaklik maak. Ons sien dit ook wanneer Paulus Timoteus besny (Handeling 16:3) terwyl hy self aan die Galasiërs skryf dat as hulle hul

laat besny Christus vir hulle tot geen nut sal wees nie (Galasiërs 5:2). Grosheide (1950:23) stel dat hier van die heiden-christene 'n beperking gevra word, sodat dit vir die Jood-christene nie te swaar is om met die heiden-christene God te dien nie. Die eet van bloed is nie 'n wesentlike saak nie, en omdat dit probleme skep, is dit beter dat dit eerder vermy word. Interessant dat 'dinge wat deur afgode besoedel is' hier ook as 'n gevaar genoem word. Dit sluit die eet van vleis wat vir afgode geoffer is in. Paulus verbied dan ook later nie die eet van sodanige vleis nie, behalwe as dit tot struikelblok van 'n swakkere broeder is (1 Korintiërs 8:9).

Teenoor die seremoniële en burgerlike wette wat, behalwe vir hulle morele kern, vandag nie meer geld nie, stel die christelike tradisie volgens Kuitert die Tien Gebooie as kern van die wel-geldende sedelike/morele wette (Kuitert, 1970:73-74). Douma (1975:25) stel egter dat dit verkeerd is om te beweer dat Christus wel die einde van die seremoniële wette is, maar nie van die morele wette nie. Vir sodanige splitsing van die wet is daar geen grond in die Skrif wat die wet as 'n geheel voorstel nie. Vryheid van die wet is dan ook van begin tot einde 'n vryheid van die juk en van die vloek van die hele wet (Galasiërs 3), maar nie 'n vryheid van die verpligtinge van die wet nie (Douma, 1975:26). Die eis van die wet bly; egter nie as seremoniële dade nie, maar as leefreëls vir vrye, dankbare, gehoorsame kinders van God.

Dat Christus die wet vervul het, beteken volgens De Bruyn (1976:4-6) nie dat gelowiges nou vry is van die wet en dit nie meer hoef te onderhou nie. Die wese of eintlike inhoud van die wet (liefde tot God en die naaste) bly altyd dieselfde. Christus het ons nie van die wet bevry nie, maar van die vloek van die wet. Die seën van die wet word nog gehandhaaf, waardeur die mens bewaak en beskerm word, sodat hy nie deur Satan en die sonde oorrumpel word en verdriet in sy lewe gebring word

nie. Die wet bly heilig, regverdig en goed (Romeine 7:12).

Die gesag wat die Tien Gebooie vir die Nuwe-Testamentiese gelowige het, bring Kuitert in diskrediet op grond daarvan dat die vierde gebod (oor die Sabbat) vandag nie meer geld nie. Hierteenoor stel Douma (1975:29) dat die Dekaloog die besondere posisie wat dit in die Ou Testament beklee, in die Nuwe Testament behou. In Matteus 19:18 en volgende siteer Christus die vyfde tot die negende gebod; in Romeine 13:8-10 haal Paulus die sesde tot agtste, asook die tiende gebod aan; Jakobus siteer die sesde en die sewende gebod in Jakobus 2:11. Daar is volgens Douma (1975:29) geen enkele aanwysing dat die Tien Gebooie as gebooie geen direkte gesag vir die gemeente van Christus sou hê nie!

Teenoor bogenoemde gebruik Kuitert een gebod (sabbatsgebod) om die normatiewe krag van die hele Tien Gebooie in diskrediet te bring. Douma stel dan (1975:29) dat ons nie vanuit een sogenaamde onduidelikheid ook dit wat vir ons duidelik in die Skrif geopenbaar is, van vraagtekens mag voorsien nie. Dit is duidelik dat die Tien Gebooie nie afgeskaf is nie. Ook word 'n verskeidenheid van ander gebooie in die Nuwe Testament vir ons as gesagvol voorgehou. Daarom is dit voor die hand liggend dat ons ten opsigte van die vierde gebod ons vertrekpunt ook in die geldigheid daarvan neem.

Die sinode van Dordrecht (1618-1619) het ten opsigte van die sabbatsgebod 'n seremoniële en 'n morele kant onderskei. Onder laasgenoemde is verstaan dat daar 'n vasgestelde dag vir die godsdiens bestem is. Nadat die Sabbat van die Jode afgeskaf is, moet die christene (soos ook die eerste christene gedoen het – vergelyk Handeling 20:7 en 1 Korintiërs 16:2) die Sondag plegtig heilig (Douma, 1975:30). Die Sondag is as opstandingsdag van die Here gevier (vergeelyk in dié verband Van Wyk, 1981:2-4).

## 'n Skrifgetroue Skrifberoep in die etiek

Enkele kernmomente van 'n Skrifgetroue hermeneutiek vir 'n Skrifberoep in die etiek is:

### *Die Bybel as altyd geldende Woord van God*

Die Skrif dien dit self aan as altyd geldende geïnspireerde Woord van God (vergeelyk Coetzee *et al*, 1980:22). Sonder die uitgangspunt kan die Skrif by 'n etikus nooit gesagvol tot sy reg kom nie, want die gesag van die Skrif lê slegs daarin dat dit God Self is wat deur en vanuit die Skrif tot ons spreek (Coetzee *et al*, 1980:23) en 'n gehoorsame lewe eis. Tereg stel Lloyd-Jones dat daar net twee moontlikhede is (1977:211)

- ons aanvaar die Bybel as Woord van God as enigste (finale) outoriteit in alle sake van geloof, of
- ons vertrou (primêr) op menslike kennis en wetenskaplike insig.

Wat die selfgetuieis van die Bybel dat dit gesagvol is betref, wys Floor (1984:34) saam met Lloyd-Jones daarop dat die Bybel sy eie gesag met nadruk uitspreek. Uitdrukkings soos 'die Here het gespreek' of 'die Woord van die Here het gekom' kom meer as 3 000 keer in die Ou Testament voor. Die Nuwe Testament aanvaar die Goddelike gesag van die Ou Testament (vergeelyk Johannes 5:39; 10:35; Lukas 24:44; 2 Timoteus 3:16; 2 Petrus 1:20-21), en het dieselfde gesag as die Ou Testament (vergeelyk 2 Petrus 3:15-17). Die Bybel bestaan dus nie uit blote ervarings, insigte en voorskrifte van mense nie, maar is openbaring van God. As dit nie by die verklaring en toepassing van die Skrif in gedagte gehou word nie, verontreg ons die Bybel (Floor, 1984:38).

### *Die deursigtigheid van die Skrif*

Geen normale skrywer skryf om nie verstaan te word nie. As dit vir ons as mense geld, hoeveel te meer geld dit vir God die Heilige Gees wat as eintlike outeur die

Bybelskrywers geïnspireer het. Coetzee *et al* (1980:23) wys daarop dat dit juis 'n kenmerk van die reformasie was dat teenoor Rome se siening van die duisterheid van die Skrif, die duidelikheid (*perspicuitas*) van die Skrif geleer is. Slegs as ons van hierdie beginsel uitgaan, kan die Woord (ook in die etiek) 'n lig op ons pad wees (Psalm 119:105).

Tog praat Calvyn van die gawe van die uitleg van die Skrif (1979:48). Die vermoë om die Heilige Skrif te verklaar is 'n gawe, 'n geskenk van ons hoogste en enigste Leermeester Christus. Deur sy Heilige Gees leer Christus ons om God se Woord te verstaan (Floor, 1980:13). Die Gees van God lei in die waarheid. Omdat die menslike vertolker egter so maklik sy eie klein waarheid kan verruil vir die waarheid van God, 'is het beroep op de Schrift een gebeuren, dat slechts in deemoed en zelfverloochening kan plaatsvinden' (Bijlsma, 1964:249).

Die Bybelse boodskap kan alleen begryp word deur hulle wat biddend verlang om dit te verstaan. In die uitgawe van die NG Kerk – Sinode Wes-Kaapland oor 'die Skrifberoep in etiese vrae' sluit die opstellers met die volgende af: omdat die leiding van die Heilige Gees onontbeerlik is vir omgang met die Skrif, is voortdurende gebed nodig om te kan onderskei waar dit op aankom (1980:21). Tereg stel Coetzee *et al* (1980:24) dat om die Bybel te verstaan 'n gawe is wat alleen op die knieë verkry kan word, of glad nie. Dit neem egter nie ons verantwoordelikheid weg om op grond van die Skrif 'n christelike etiek uit te werk nie, maar beklemtoon juis die belang van 'n etiek – biddend en direk gegrondves op die Woord van God.

### *Skrif met Skrif vergelyking*

Jonker (ongedateerd:3) stel tereg dat die Skrif alleen reg verstaan kan word as die pretensie van die Skrif gelowig aanvaar word dat dit die onfeilbare Woord van God is wat 'n bepaalde boodskap wil bring. 'Dit impliseer dat die Skrif as kanon 'n



eenheid is met 'n boodskap wat alleen verstaan kan word as elke woord van die Bybel gelees word in die lig van die geheel.' Coetzee *et al* (1980:27) wys daarop dat dit 'een God is wat deur sy een Woord (of Seun) onder inspirasie van sy een Gees sy Woord spreek!' Juis op grond van hierdie eenheid van die Skrif is Skrif-met-Skrif-vergelyking vir 'n christelike etiek nie net moontlik nie, maar ook noodsaaklik! Op grond hiervan (die Skrif is die Woord van een God) moet ons die Bybel en sy gebooe as 'n organiese geheel benader.

Dit hou verskillende implikasies vir 'n Skrifgetroue Skrifberoep in die etiek in:

- In die eerste plek moet begin word met die goue reël van Gereformeerde Skrifverklaring: 'Die Heilige Skrif is vir homself sy eie uitlegger' (*Sacra Scriptura sui ipsius interpres*). Hieruit volg dat Skrif met Skrif vergelyk moet word, sodat 'n teks van die Bybel nooit so verklaar word dat dit in stryd met ander dele van die Bybel is nie (Lloyd-Jones, 1981:284). Moeiliker verstaanbare dele en opdragte moet in die lig van die makliker gedeeltes wat oor die saak handel, verklaar word; onduideliker uitsprake in die lig van duideliker uitsprake; meer kursoriese uitsprake in die lig van uitgebreider uitsprake; en meer prakties gerigte uitsprake in die lig van meer prinsipiële uitsprake (Coetzee *et al*, 1980:29). Daarby moet met die openbaringshistoriese plek

en situasie van 'n teks rekening gehou word, want dit het 'God behaag om Hom en Sy wil in die loop van die geskiedenis al duideliker te openbaar'. Daarom is 'die latere woord in die Godsopenbaring oor dieselfde saak altyd deurslaggewend teenoor die voorafgaande!' (Coetzee *et al*, 1980:28). Daar is dus nie net 'n vaste kant in Gods Woordopenbaring nie, maar ook 'n dinamiese kant in die sin van voortgaande openbaring.

- 'n Tweede implikasie wat die eenheid van die Skrif as Woord van God vir die etiek inhou is dat nie op 'n wettisitiese, atomistiese wyse tekste buite hulte verband aangehaal mag word nie (Jonker:3-4). Die wil van God vir ons lewe kan nie net uit losstaande gebooe afgelei word nie, maar rus in die totaliteit van die verhouding tussen God en mens soos in die Skrif geopenbaar.

## Bibliografie

- Bijlsma, R. 1964. *Schriftgezag en Schriftgebruik*. Nijkerk: G.F. Callenbach N.V.
- Calvyn, J. 1979. *Commentaries on the prophet Daniel*. Grand Rapids: Baker Book House.
- Coetzee, JC; De Klerk, BJ; Floor, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke (In: Koers, 45 (1):18-36).
- De Bruyn, PJ. 1976. *God se tien bakens vir die lewe van die mens*. Potchefstroom: Pro Rege.
- Douma, J. 1975. *Voorbeeld of gebod? Amsterdam: Uitgeverij Ton Bolland.*
- Douma, J. 1984. *Verantwoord handelen*. Kampen: Uitgeverij Van den Berg.
- Floor, L. 1980. Die hermeneutiek van Calvyn (In: *In die Skriflig*, 14 (55):13-20).
- Floor, L. 1984. Die verhouding van Ou en Nuwe Testament (In: *U lig en U waarheid*). Potchefstroom: PU vir CHO.
- Grosheide, FW. 1950. *Korte Verklaring: Handelingen II*. Kampen: J.H. Kok N.V.
- Jonker, WD. Ongedateerd. *Skrifberoep in die etiek*. Stellenbosch: Universiteit - Ongepubliseerd.
- Kuitert, HM. 1969. *Verstaat gij wat gij leest*. Kampen: J.H. Kok N.V.
- Kuitert, HM. 1970. *Anders gezegd*. Kampen: J.H. Kok N.V.
- Lloyd-Jones, DM. 1981. *Studies in the Sermon on the Mount I & II*. Grand Rapids.
- NG Kerk – Sinode Wes-Kaapland: Sinodale kommissie vir leer en aktuele sake. 1980. *Die Reformatoriese Sola Scriptura en die Skrifberoep in etiese vrae*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Van Wyk, JH. 1981. *Sondagsport - Wat sê die Bybel?* Potchefstroom: PU vir CHO.
- Visee, G. 1969. *Verstaat prof. Kuitert wat hij leest? Barendrecht: Firma Westdijk & Liebeek.*

# Koninkryk in oorgangstyd

## *Reeds maar nog nie*

### Die probleem

Elke gelowige wat belydenis van geloof afgelê het, bely dat Christus gekom het om vir al ons sondes volkome versoening te doen. Tog leef ons nog daaglik onder die aanvegting van die sonde en sien ons met reikhalsende verlange uit na die wederkoms van ons Koning, Jesus Christus. Gelowige kinders van God het 'n toekomsvisie.

Nou is die vraag: Het Hy dan nie reeds alles vir ons verwerf nie? Hoekom moet ons nog teen die sonde stry as Hy alreeds die prys van die sonde betaal het? Wanneer ons oor die koms van die koninkryk van God en die vernuwende werk van Christus dink, beweeg ons in 'n mynfeld waarin ons maklik in een van twee uiterstes kan val. Aan die een kant dink ons miskien te min van die werklikheid, van God se koninkryk hier en nou. Die gevolg is dat ons onself nie onder die wil van ons Koning buig nie. Dan sien ons nie die versoenende werk van Christus en ons dankbare gehoorsaamheid nou hier raak nie. Aan die ander kant kan ons die oog só op die toekoms van die koninkryk rig dat ons die toekoms met die werklikheid wil versoen. Dit bring mee dat ons nou al die volheid van die koninkryk, soos dit met die wederkoms openbaar sal word, in alle verhoudinge wil sien. Inderwaarheid wil ons nou al hemel op aarde vestig. In sy almag het God dit so beskik dat daar tyd moet verloop tussen die eerste koms en die wederkoms van Christus. In hierdie tyd beleef die ganse skepping 'n spanning wat ons die 'reeds' en die 'nog nie' van die koninkryk kan noem. Die koninkryk van God het reeds gekom maar nog nie in sy volheid nie.

### 'Koninkryk van God' – wat verstaan ons?

In die Nuwe Testament word die begrip 'koninkryk van God' dikwels met uitdrukkings soos 'koninkryk van die hemele' en 'koninkryk van Christus' afgewissel. Hoewel hierdie uitdrukking op verskillende maniere weergegee word, het dit deurgaans dieselfde betekenis.

In Markus 1:14 lees ons die volgende: 'En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galilea gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig'. Dit is dus die doel van Christus se koms na die aarde (sien ook Johannes 6:38-39); die koninkryk van God. Oral waar Hy gegaan het is die koninkryk op sy lippe. Dit was die onderwerp van sy prediking en die boodskap van elke wonder. Hy het die heerskappy van God verkondig en vervul. Dit is tog interessant dat Christus nêrens in die evangelies die koninkryk definieer nie. Sy dissipels vra ook nie na die betekenis daarvan nie. Die gevolgtrekking is dat hierdie begrip aan hulle bekend moes wees, en nog meer, aan die gemiddelde Israeliet.

Alhoewel die term nie algemeen in die Nuwe Testament – buiten die evangelies – voorkom nie, en glad nie in die Ou Testament nie, is dit nie alleen tot die Nuwe Testament beperk nie. Dit kom na vore in die Ou Testament in die melding dat God oor sy volk heers. Later vind dit volwassenheid in die mond van Jesus.

### Die Ou Testament

Die uitdrukking 'koninkryk van God' kom nie in die Ou Testament voor nie. Dit is tog so dat die Ou Testament op die dinamiese

heerskappy van God konsentreer. In die skeppingsverhaal lees ons hoe God sy heerskappy uitoefen deur net te praat. Dit wat hy beveel ontstaan uit niks. God word dikwels as Koning aangedui, veral in die Psalms en in die profesieë.

In die Ou Testament kom die koningskap van God na vore deur die vestiging van die koningsverbond in 2 Samuel 7. Alhoewel Dawid as koning optree, regeer die Here as hoogste Koning oor sy volk. Hy wys sy koning aan deur wie Hy regeer. Die koningskap in Israel en die koningsverbond gaan ten einde in Christus in vervulling. Hierdie ryk van God moet ons nie te veel in die terme van 'n aardse ryk of 'n aardse koningskap sien nie. God is nie net Koning in Israel en onder die Israeliete nie. Hy is ook nie net Koning wat staatkundige en volksbelange betref nie. Die koninkryk van God, soos dit in die Ou Testament beskryf word, het 'n persoonlike en innige karakter vir elke Israeliet. Die koninkryk van God is aan die een kant allesomvattend en onmeetlik in die hele skepping. Aan die ander kant is dit onpeilbaar diep in sy werking soos dit die mens van binne uit regeer.

In die Ou Testament sien ons dus dat die Here die Koning van sy volk is en dat Hy deur die konings van die Ou Testament regeer. Hierdie koningskap gaan egter nie net oor die volk as 'n geheel nie, maar raak elke burger van Israel persoonlik. God regeer oor hom in sy eie huis en in alles wat hy doen. Van die koning tot die skaapwagter staan onder die persoonlike heerskappy van God.

## Die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament breek die koninkryk van God in beslistheid deur, met die geboorte van Jesus Christus. Hy is die Messias van die Ou Testament en die koninkryk wat naby gekom het. Dit is wat Johannes die Doper proklameer wanneer hy preek dat een ná hom kom wie se skoenrieme hy nie werd is om vas te maak nie.

In die Nuwe Testament hou die koninkryk van God en die verkondiging van die evangelie baie nou met mekaar verband. Hier is die gedeelte in Markus 1:14 van groot belang wat in die besonder wys hoe die koninkryk die primêre inhoud van die evangelie is. Wanneer die gelowige kind van God die evangelie van Christus hoor, hoor hy die verkondiging van die koningsheerskappy van God deur sy gesalfde Seun.

Die begrip evangelie was in die tyd van die Nuwe Testament 'n tegniese term met die volgende betekenis:

- Die blye nuus wat in die hele koninkryk uitgedra moes word, dat 'n nuwe vors, koning of keiser die troon bestyg het. So openbaar die evangelie dat Jesus Christus as Koning in die wêreld gekom het.
- Die blye nuus wat in die hele koninkryk uitgedra moes word, dat daar vir die vors, koning of keiser 'n seun en troonopvolger gebore is. Die evangelie getuig van die geboorte van die Seun van God en die Seun van die mens.
- Die blye nuus wat van die oorlogsfront na die hoofstad teruggevoer moes word, dat 'n nuwe, groot of finale oorwinning oor die vyande van die ryk behaal is. Christus knoop die stryd met Satan aan en oorwin as Hy die versoekinge weerstaan, duiwels uitdryf en ten einde met sy opstanding die dood oorwin.

Dit is duidelik dat die evangelie blye nuus is wat aan al die burgers van die ryk gebring word, wat bevestig dat die vors, koning of keiser wel daar is. In die Nuwe

Testament word juis die koms van die Seun as die koms van die koninkryk aan ons verkondig. Uit hierdie gegewens kan ons sien wat ons nie en wat ons wel onder die koninkryk van God moet verstaan<sup>1</sup>.

## Wat ons nie moet verstaan nie

Vanuit die Platoniese dualisme en die sinkretistiese gnostiese beskouings<sup>2</sup> is daar die wanvoorstelling dat die koninkryk 'n bo-aardse en bo-historiese hemelryk is. Hierdie wanvoorstelling vind nou aansluiting by die uitdrukking 'koninkryk van die hemele'. Omdat Christus onder ons kom woon het en deur sy Gees steeds onder ons woon, kan ons die koninkryk nie beperk tot 'n plek 'daar bo en ver, waarby ons seker eendag sal kom nie'.

Die volgende wanopvatting is die idee van God se ewige, onveranderlike heerskappy as Skepper en Onderhouer. Die probleem hier is die onveranderlikheid wat in die koninkryk ingelees word. God is self onveranderlik, maar sy koninkryk is dinamies en op weg in hierdie wêreld. Ná die skepping het die wêreld, as gevolg van die sondeval, anders gelyk. Met die koms van die Messias is die orde weer in 'n mate herstel. Die volle herstel sal eers met die wederkoms plaasvind. God bly onveranderlik maar sy skepping is op pad na volle herstel by die wederkoms.

Daar is ook die opvatting dat die koninkryk 'n 'nuwe wêreld' is, wat deur die mens gebou moet word. Soos dit in die bevrydingsteologie gevind word, huldig hierdie siening die standpunt dat die koninkryk gerealiseer word deur die revolusie

1 Hierdie gedeelte verwys na 'n ongepubliseerde diktaat van prof JC Coetzee getiteld *Sleutels tot die Godsopenbaring in die Nuwe Testament*.

2 Albei hierdie opvattinge gaan van die veronderstelling uit dat daar 'n skerp onderskeid tussen liggaam en siel en natuurlik en bonatuurlik is. Die Platoniste glo dat die liggaam sondig en vuil en die siel skoon en heilig is. Die liggaam is die kerker wat die siel gevange hou. In die gnostiek word daar van die veronderstelling uitgegaan dat die natuurlike boos is en die bonatuurlike sondeloos. Deur die kennis van die bonatuurlike kan die mens hom losmaak van die natuurlike en in hierdie lewe al by die bonatuurlike uitkom.

waarin die verdruktes tot hulle reg moet kom. Die orde wat God vasgestel het word voorgestel as 'n produk van die samelewing wat in die volheid van die koninkryk nie meer standhou nie. Hierdie wanopvatting kom veral na vore in die feminisme, waar die vrou nou reeds verlos is van die Bybelse patriargale stelsel. Ander voorbeelde is die sogenaamde Swart Teologie, Wit Teologie en ook verskillende sektes. Die mens vestig die nuwe wêreld wat reeds in beginsel deur Christus verwerf is.

Nog 'n wanopvatting is waar die koninkryk tot 'n gebied of 'n terrein van die Christen se aktiwiteit gelokaliseer word. By hierdie opvatting word die koninkryk ver-staties en ver-ruimtelik tot die terrein van die Christelike aktiwiteit. So word die koninkryk Sondag in die kerk toegesluit en meng dit nie in met ons aardse bestaan nie. Die koninkryk is slegs daar waar ek met godsdiens besig is. In hierdie opvatting kry ons die gedagte dat die samelewing, sport, politiek of enigets buite die godsdiensige aktiwiteit niks met die heerskappy van God te doen het nie.

## Hoe kan ons dit verstaan?

By die skepping openbaar God hom as die Skepper en die ewige Onderhouer van alle dinge. God is van ewigheid tot ewigheid Koning oor die ganse skepping. Met die sondeval kom die Satan se wederregtelike mag en staan tussen God as almagtige Koning en sy in sonde gevalle skepping. Nou sien die sondige mens net die Satan en nie meer die ewige heerskappy van God nie. God se ewige heerskappy bly egter onaangetas.

Met die koms van die Messias het die koninkryk van God weer naby gekom. Deur die oorwinning van die dood deur Jesus Christus kan die gelowiges hulle ware Koning sien. So herstel Christus die koningsheerskappy van God. In die voleinding word God se heerskappy oor 'n vernude aarde en 'n hernude mensheid ten volle herstel. Dit gebeur met die wederkoms van Christus wanneer

God alles in almal sal wees en alles en almal wat teen sy heerskappy in opstand is, uit die weg geruim is. Ons verstaan dus onder die 'koninkryk van God' nie alleen 'n plek nie, maar ook 'n aksie van God. Deur Christus voer Hy sy heerskappy in sy skepping uit.

### Die 'reeds' en 'nog nie'

Uit hierdie gegewens van die koninkryk kan ons die spanning voel wat daar in hierdie tyd tussen nou en die wederkoms bestaan. Hierdie spanning bring ons by die 'reeds' en die 'nog nie' – die oorgangstyd in die koninkryk.

Die 'reeds' en 'nog nie' het veral betrekking op die prediking van Paulus oor die eindtye (sien veral Romeine 8:18-39 oor die sugtende skepping). Dit het volle betrekking op die koninkryk van God wat alreeds in Christus naby gekom het, maar wat met die wederkoms in sy volheid sal kom. Hierdie prediking van Paulus neem die vorm aan van dit wat in Christus 'n werklikheid geword het, maar wat nog nie vervul is nie.

Ons lewe nou in 'n spanningsvolle tyd waar die ou wêreld oorvleuel met die toekomstige nuwe wêreld. Aan die een kant weet ons die verlossende genade van Christus het reeds werklikheid geword, hoewel nie ten volle nie. Ons leef nou reeds in die vaste wete dat ons sondes vergewe is en ons harte vernuwe word, maar steeds voel ons die aanslag van ons sondige drifte. Aan die ander kant kom die verdoemende gerig van God eers met die wederkoms, alhoewel dit nou al aan die werk is.

Hierdie tyd tussen die 'reeds' en die 'nog nie' vereis daarom sekere optrede van gelowiges. Hier word die etiek en die eindtyd verbind.

Paulus verkondig dat dit vir die daaglikse lewenswandel van gelowiges van deurslaggewende belang is dat hulle in die tyd ná die ou bedeling leef. Gelowige kinders van God kan daarom nie meer aan hulle ou sondige self verkleef wees nie, want Christus het hulle reeds na sy beeld vernuwe. Daarom stry ons nou teen alles in onself wat in opstand is teen die heerskappy van God in hierdie wêreld.

Omdat Christus reeds gekom het, mag ons nie leef asof ons onseker is oor wat sy wil vir ons in ons kerklike, maar ook ons daaglikse lewe is nie. Ons leef as kerk van die Here met die verwagting van die voleinding. Ons verwag die dinge wat nog nie gebeur het nie en sien daarna uit, maar ons durf nie daarna gryp om nou reeds vir ons 'n hemel hier op aarde te vestig nie. Kerk en samelewing sug nog saam met die Heilige Gees na die voleinding wanneer ons alles wat Christus vir ons verwerf het, ten volle sal ontvang.

Christene is dus nie mense wat agter die tyd is nie, maar mense van die toekoms wat in die hede, op elke vlak van die samelewing, onder die heerskappy van God lewe. Onder sy heerskappy weet ons dat ons reeds alles in Christus ontvang het, maar dit nog nie in sy volheid besit nie.

## Van die VGL-bestuur

Diegene betrokke by die bestuur en/of die redaksie van *Waarheid en Dwaling* doen die take met groot liefde bykomend tot hulle gewone daaglikse verantwoordelikhede.

Soos reeds in die verslag by die jaarvergadering in Augustus gemeld, het drukke werksaamhede van die betrokkenes tot 'n agterstand in die verskyning van *Waarheid en Dwaling* gelei. Om sake weer mooi op koers te kry was die bestuur genoodsaak om 'n paar uitgawes te kanselleer. Opregte verskoning word hiervoor aangebied.

Ons vertrou dat u hierdie uitgawe van November/Desember verrykend sal vind en dat die volgende uitgawes weer soos gewoon sal verskyn. Intekengelde sal ooreenkomstig die verskyning

van uitgawes aangepas word. Dit kom daarop neer dat u steeds 'n volle jaargang vir die betaalde intekengeld sal ontvang.

Graag bring ons weer die biblioteek, wat by die Gereformeerde Kerk die Kandelaar gehuisves word onder u aandag. Die katalogisering van die werke is tans aan die gang. Kundiges word uitgenooi om met die taak behulpsaam te wees. Sodra die stelsel sodanig is dat uitlening kan plaasvind, sal verder daarvoor berig word. Intussen rig ons ook weer 'n uitnodiging vir die skenking van boeke aan die biblioteek. Kontak dr HS van der Walt (hswalt@netactive.co.za) in die verband.

# Onverdraagsame verdraagsaamheid

Onverdraagsame verdraagsaamheid is 'n verskynsel wat tans voorkom. Verskeie voorbeelde kan in dié verband gegee word. Dit kom voor in die akkommodering van teenstrydighede ten opsigte van teenoorgestelde vertolkings van die Skrif – soos in die onlangse verslag van die GTV oor die posisie van die vrou in die besondere amp. Dit kom ook voor in groepvormings binne een en dieselfde kerkverband soos blyk uit die onordelike verskuiwing na 'n predikant, 'n gemeente of 'n klassis van eie keuse; of die eensydige en eklektiese binding aan kerkverband-afsprake na gelang van die groepsvoor(oor)deel. Onverdraagsame verdraagsaamheid blyk daaruit dat meerdere vergaderings soms oor sake uitspraak voorbehou en terugwentel na die vryheid van die plaaslike kerk waar dan – soms selfs met meningspeilings – die vryheid van die plaaslike gemeente as dekmantel gebruik word vir eiesinnigheid: hetsy konserwatief of liberaal.

Valse verdraagsaamheid is niks anders nie as verbondsverbreking. Dit blyk uit Maleagi 2:5-8: 'My verbond met hom was die lewe en die vrede; en Ek het dié aan hom gegee tot vrees; en hy het My gevrees en vir my Naam gebewe. Betroubare regsleer was in sy mond, en onreg is op sy lippe nie gevind nie; in vrede en opregtheid het hy met My gewandel, en baie mense het hy van ongeregtheid teruggebring. Want die lippe van 'n priester moet kennis bewaar, en uit sy mond word onderrig gesoek, want hy is 'n boodskapper van die HERE van die leërskaare. Maar julle het van die weg afgewyk,

julle het die baie deur jul onderrig laat struikel, julle het die verbond met Levi verbreek, sê die HERE van die leërskaare'.

## Wie altyd verdraagsaam is, is 'n nul; wie altyd onverdraagsaam is, is misdadig<sup>1</sup>

### *Verdraagsaamheid in die algemeen*

Dis interessant om op te merk hoe teenswoordig dikwels met die woord 'verdraagsaamheid' gegoël word; net asof verdraagsaamheid altyd goed is en nooit verkeerd kan wees nie, en onverdraagsaamheid uit die bose is; net asof verder die ortodokse christene die enigste onverdraagsames is, en alle nie-christene verdraagsaamheid beoefen. Gewoonlik kry dan byvoorbeeld die kerk (in die geval van Galileo) en Calvin (in die geval van Servet) die eer om as voorbeelde van onverdraagsaamheid gereken te word, terwyl die teenswoordige vereerders van 'n 'neutrale' wetenskap so hulleself dikwels onder die verdraagsames reken.<sup>2</sup>

Teenoor persone wat buite die instituut van 'n kerk val, sal so 'n kerk nie onverdraagsaam optree nie solank die persoon die kerk nie in sy regte aantass nie. Teenoor persone wat binne die kerk staan, en wat die kerkbeskouinge ondermyn, is dit egter plig ter wille van waarheid en van instandhouding van die kerk in sy ongeskonde oortuiging, om

1 Uitknipsels geneem uit Stoker, HG. 1929. Verdraagsaamheid in die algemeen en in verband met die wetenskap. Christendom en wetenskap. Galilei en Servet. Potchefstroom: Christelike Unie. p 171-189. Behalwe vir enkele wysigings ten opsigte van spelling en leestekens, is die aanhalings onveranderd gelaat.

2 Ibid. 171-172.

leertug toe te pas.<sup>3</sup>

Is verdraagsaamheid altyd 'n deug en onverdraagsaamheid altyd 'n ondeug? Is verdraagsaamheid die monopolie van die positivis en humanis, terwyl onverdraagsaamheid alleen by bekrompe gelowiges aangetref word? Of kan al na gelang van omstandighede verdraagsaamheid soms deug en soms 'n ondeug wees, terwyl onverdraagsaamheid na gelang van omstandighede ook sowel 'n ondeug as 'n deug kan wees? Die entoesiaste, wat hulle so dikwels in hul ywer en stryd teen die ortodokse christendom as die 'verdraagsames' opwerp en dit hul plig ag om die onverdraagsame christendom tot bekering te bring, sal goed doen om eers 'n studie van verdraagsaamheid en onverdraagsaamheid te maak, voordat hulle te haastig 'n oordeel oor die christendom uitspreek, en goed doen om daarná hulle eie metodes van optrede 'n skoot krities te ondersoek.<sup>4</sup>

### *(On)verdraagsaamheid binne 'n bepaalde kring*

Die strekking van die term verdraagsaam wissel met die terrein waarop 'n mens jou bevind, na die funksie waarin jy optree, na die regte wat jy jou regmatig mag toe-eien, na die kring waarin jy jou bevind, en die beginsels wat in hierdie kring heers.<sup>5</sup>

As ek in my huwelikslewe verdraagsaam is teenoor iemand wat my vrou se huwelikstrou sou wil probeer ondermyn, dan is my verdraagsaamheid papbroekerigheid en lamlendigheid. Onverdraagsaamheid hier is

3 Ibid. 173.

4 Ibid. 175.

5 Ibid. 176.

plig en eer. In die gesinslewe is 'n vader wat verdraagsaam is teenoor die ongewenste geselskap van sy dogter, 'n verraaiër van sy plig. Die kerk wat 'n leer moet bely en 'n tug handhaaf, kan nie verdraagsaam wees teenoor bestryders van die leer en veragters van die tug binne sy eie geledere sonder om sy roeping te versak nie. Onverdraagsaamheid teenoor vyandige elemente in eie kring is plig, verdraagsaamheid verraad. Maar teenoor vyandige elemente, wat hulle nie in die kring van die kerk bevind nie, is onverdraagsaamheid 'n berowing van geloofsvryheid en van gewetensvryheid en is nie verdedigbaar nie, terwyl verdraagsaamheid hier die gewese weg is. Vyandige elemente moet uit die kerk verwyder word, wil die kerk sy roeping getrou bly – maar as hulle buite die kerk is, dan moet hulle met rus gelaat word.

As burger sal ek met 'n godloënaar handel dryf, met hom saam sit op 'n jurie, maar sal selfs met die biskop van Johannesburg nie op 'n kerkraad as christen saamsit nie (en hy met my ook nie). As wetenskaplike sal ek aan wetenskaplike kongresse deelneem, waarop mense ook sit wat die soendood van Christus loën, maar my beginsels laat my nie toe dat my kind van diesulkes onderwys in die godsdiens ontvang nie.<sup>6</sup>

'Verdraagsaamheid' kan dus in sekere gevalle 'n deug, in ander gevalle 'n ondeug wees. Dit is soms dieselfde as lamlendigheid, onverskilligheid, 'karakterloosheid', en soms weer erkentlikheid teenoor die regte van andere.

'Onverdraagsaamheid' kan ook 'n deug en 'n ondeug wees, en is soms gelyk aan beginselvastheid, pligsgetrouheid, standvastigheid van karakter en oortuiging, en soms gelyk aan tiranniese en bekrompe ontkenning van 'n ander se regte.

Liefde, karakter, beginsel, plig eis dikwels onverdraagsaamheid. Altyd verdraagsaam is alleen

'n nul. Christus was nie altyd verdraagsaam nie, al word verdraagsaamheid dikwels 'n christelike deug genoem. Christus was verdraagsaam teenoor die sondaar, nie teenoor die sonde nie, omdat sy koms in die teken van redding en verlossing staan, terwyl sy tweede koms in die teken van die oordeel sal staan, wanneer ook by Hom geen verdraagsaamheid gevind sal word nie. Selfs egter met sy eerste koms was Christus onverdraagsaam teenoor die Fariseërs, die 'addergeslag!'<sup>7</sup>

### *(On)verdraagsaamheid tussen verskillende kringe*

Ten opsigte egter van verhoudinge teenoor ander gelyksoortige kringe vind ons dat die verhoudinge juis omgekeerd is. As ek my nie met daardie kring, waaraan ek nie behoort nie, inlaat nie, nie my neus in 'n ander man se sake steek nie, hom sy eie koers laat gaan, en hom sy regte, pligte, wette, waaraan hy vashou, en waarmee my persoonlike oortuiging miskien selfs in stryd is, gun, as ek verdraagsaam is teenoor sy – myns insiens foutiewe beskouinge – dan handel ek reg en is verdraagsaam 'n deug, terwyl as ek my wel met sy sake bemoei, waartoe ek geen reg het nie, is ek onverdraagsaam, en is onverdraagsaamheid 'n ondeug.

Waar egter iemand, wat nie tot een of ander bepaalde kring behoort, waaraan ek behoort nie, en my kring binnedring, my regte en beginsels in hierdie kring benadeel, dan is dit weer 'n vereiste om teenoor hom my regte te verdedig, en om onverdraagsaamheid te betoon. So is ek verplig teenoor elkeen wat my opvatting van christelike wetenskap as onwetenskaplik bestempel, myself te verdedig, maar ek het self geen reg om 'n ander een se opvatting van wetenskap, wat van myne verskil, onwetenskaplik te noem nie.<sup>8</sup>

Liefde maak ten slotte deugdelike verdraagsaamheid en deugdelike

onverdraagsaamheid moontlik. Liefde vir die waarheid, liefde vir reg, liefde vir die medemens met elkeen se swakheid en tekortkominge, liefde vir Christus, liefde vir God. Onverskilligheid vir plig en waarheid, onverskilligheid vir reg en deug, haat teenoor die waarheid, haat teenoor die medemens, haat teenoor Christus, haat teenoor God, maak ten slotte ondeugdelike verdraagsaamheid en ondeugdelike onverdraagsaamheid moontlik.

Waar liefde die verbindende en opbouende prinsipe is, die prinsipe wat orde en harmonie daarstel, waar haat die afbrekende prinsipe is, wat vernietig en anargisme bewerkstellig, daar is deugdelike verdraagsaamheid en deugdelike onverdraagsaamheid die beginsels, waarmee orde en harmonie opgebou en die wet op alle terreine gehandhaaf sou kan word – daar is ondeugdelike verdraagsaamheid en ondeugdelike onverdraagsaamheid die beginsels wat tot anargisme en chaos lei, tot vernietiging van jou eie self (ondeugdelike verdraagsaamheid) en tot vernietiging van andere en van die samelewing (ondeugdelike onverdraagsaamheid). Elkeen sou in hierdie verband goed doen om 1 Korintiërs 13:4-7 te lees en dit te herlees met die woordjie 'haat' orals waar 'liefde' staan met negativering van wat oor 'liefde' gesê word en dit dan in verband te bring met wat oor verdraagsaamheid en onverdraagsaamheid gesê is.<sup>9</sup>

### *Verdraagsaamheid in die wetenskap*

- Humanistiese verdraagsaamheid teenoor christelike verdraagsaamheid

Humaniste is liewe, goeie mense en soos alle mense onderhewig aan velerlei dwaling. Kortom word hulle ook soms tot

<sup>9</sup> 'Die haat is oorhaastig en onvriendelik, die haat is jaloers, die haat praat groot en is opgeblase, handel onwelveoglik, soek sy eie belang, word verbitterd en reken die kwaad toe, is bly oor ongeregtheid, maar nie bly saam met die waarheid nie. Dit bedek niks, glo niks, hoop niks en verdra niks nie' (negativering van 1 Korintiërs 13:4-7).

<sup>6</sup> Ibid. 176-177.

<sup>7</sup> Ibid. 177.

<sup>8</sup> Ibid. 178-180.

onverdraagsaamheid verlei.<sup>10</sup>

Die verdraagsaamheid van hierdie rigting geld slegs vir interkerklike verskille; nie omdat die aanhangers daarvan so liefderyk is nie, maar omdat interkerklike verskille of konkrete interreligieuse verskille vir hulle nietighede is. Daar is geen liefde vir 'n vaste belydenis of 'n vaste geloofsvorm nie, want daar is geen liefde vir die geopenbaarde God nie. Maar daar is wel liefde vir humaniteit, menslikheid en wetenskap. En hier, waar daar liefde is, hier is dadelik ook onverdraagsaamheid. Want sodra as kerklike belydenisse of godsdiensvorme so toegepas word dat dit die hoogheid van die mens verneder, of die heilige wetenskap bestry, of die almagtige staat dwarsboom, dan ontbrand die haat: 'Weg met dezen!' Dogma's is goed om op kerklike vergaderinge oor geredekawel te word, maar weg daarmee uit die staat, uit onderwys, uit wetenskap.<sup>11</sup>

Aan hierdie maatstaf getoets, wat moet ons dink van die moderne verdraagsaamheid, afgesien van persone? Is sy wortel liefde vir Christus en vir die Godsbeeld in die mens, met ander woorde is dit gebore uit en bepaal deur liefde vir God volgens sy openbaring in Christus en die mens, volgens die lig van die Heilige Skrif, 'n liefde wat uitdryf tot selfvernedering, selfverloëning, geestelike aanleuning aan medebelyers en medebelewers? Of is sy wortel selfliefde en liefde vir die menslike bedorwenheid as verontskuldiging van die eie self se hoogmoed in swakheid?

Indien die eerste, vanwaar die moderne verdraagsaamheid se kerklike onverskilligheid, vanwaar sy Sabbatsontheiliging, vanwaar sy verset teen die Skrifopenbaring en sy bestryding van die Godheid en die soendood van Christus, vanwaar sy futlose godsdiens en sy trotse menslikheidskultus, vanwaar sy veragting van die historiese christendom en sy haat teen die spesifiek christelike lewenshouding

op alle terreine?

Indien die tweede, dan is hierdie verdraagsaamheid daarmee veroordeel as die teëstelling van die selfverloëning, wat die christelike verdraagsaamheid kenmerk.

Ons wil egter niemand oordeel nie; dis nie vir ons nie. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees, en laat ons mekaar verdra in liefde as almal mense, beeld van God, en indien enigszins moontlik as almal Christusbelyers. Waar egter plig tot onverdraagsaamheid gegee is, laat ook hierdie onverdraagsaamheid in liefde wortel, en in liefde ontvlam.<sup>12</sup>

- Wetenskaplike verdraagsaamheid en die wetenskaplike onverdraagsaamheid

Dit is eienaardig en tog verstaanbaar dat teenswoordig dikwels enige soort van teorie geduld word, al is die voorveronderstelling dan ook hoe uiteenlopend, maar wetenskaplike beskouing wat deur die christelike religie beïnvloed is, word selde geduld.<sup>13</sup>

Die saak is ernstig genoeg, ook vir die 'neutrale' navorser, om hieraan sy aandag te gee, en sy eie opvatting van wat wetenskap is 'n skoot krities te ondersoek (wat so dikwels van die staanspoor af geweier word). In elk geval moet ons hedendaagse positiviste een waarheid leer insien, naamlik dat hulle opvatting nie die enigste is nie, dat daar mense is wat ander opvattinge huldig, en dat hulle eie opvatting nie eers 'algemeen geldig' is nie. Solank die positiviste dit nie leer erken nie, sal hul onverdraagsaamheid altyd bitter en 'ondeugdelik' bly.<sup>14</sup>

Laat ons dan mekaar uit liefde vir die waarheid, wat ons almal soek, en uit liefde vir die soeke na waarheid, verdra en duld, elkeen die ander 'n wetenskaplike plekkie op Gods aardbodem gun; laat ons saamwerk waar ons kan saamwerk en waar ons uitmekaar gaan, mekaar bestry in waarheidsliefde. Maar laat ons mekaar die reg vir wetenskaplike

navorsing, elk op sy wyse, nie betwis nie, en die wetenskaplikheid van die ander nie in twyfel trek nie. Wie die laaste egter tog doen, gaan sy perke te buite, rand die ander een se gewetensvryheid en oortuigingsvryheid aan, en dwing die ander een tot 'n regmatige onverdraagsaamheid, selfs in toornige liefde. Wie ook met geweld, ja met wetenskapgeweld, iemand se heiligste oortuiginge wil verkrag, en hom daartoe wil dwing om sy standpunt te verander, net en alleen om 'wetenskaplike' erkenning te kry, dwing die ander een om hom teenoor sy onregmatige onverdraagsaamheid en bekrompenheid, teenoor sy haat, nyd, misgunning of spot, met beslistheid in 'n regmatige onverdraagsaamheid sy heiligste oortuiginge en insigte, sy reg tot hierdie oortuiginge en insigte – ook in die wetenskap – te verdedig. Wie in so 'n geval geweld, wetenskaplike geweld en mag, gebruik en nie met argumente en erkenning sy teëstander benader nie, verrai met die geweldgebruiking sy eie swakheid. Die waarheid laat hom nie met geweld verkrag nie. *Magna est veritas et praevalabit. Veritas Vincet.*<sup>15</sup>

10 Ibid. 181.

11 Ibid. 182.

12 Ibid. 183-184.

13 Ibid. 186.

14 Ibid. 187-188.

15 Ibid. 189.

# Vas en bindend, tensy (2)

## Die *stare decisis* beginsel in die wêreldlike en kerklike reg

In die eerste artikel oor bogenoemde onderwerp<sup>1</sup> is verduidelik wat *stare decisis* beteken: jy bly by wat jy besluit het; 'n besluit is vas en bindend. Die oorsprong van die *stare decisis*-beginsel in die wêreldlike en kerklike reg is nagegaan. In aansluiting daarby is die gebruik van die woord *nisi* (tensy) in Artikel 31 Kerkorde kortliks bespreek. Die voorwaardelike gebruik daarvan – naamlik dat 'n besluit vas en bindend is tensy daar 'n grondige rede (*causa*) is om dit nie vir vas en bindend te hou nie – is in enkele penstrepe verduidelik.

In hierdie opvolg-artikel word die *stare decisis* in konteks geplaas soos dit in Artikel 31 Kerkorde voorkom. 'n Kort bespreking volg oor die verskil tussen tensy en totdat en die gevolge wat dit vir die praktiese toepassing van Artikel 31 Kerkorde inhou. Ten slotte word op die bewysvoering binne kerkraadsverband ingegaan. Die twee artikels word met 'n algehele samevatting afgerond.

## Stare Decisis en Artikel 31 Kerkorde

Die Gereformeerde kerke ken geen hiërargie van kerklike vergaderings nie. Daar is slegs van meerdere vergaderings sprake, nie van hoëre en laere vergaderings of besture nie. Elke kerkraad het die volle verantwoordelikheid om besluite van meerdere vergaderings te aanvaar of af te wys.

Die kerke van die reformasie het al besluit: in soortgelyke sake moet soortgelyke besluite geneem word (*stare decisis*), tensy (*nisi*) daar 'n verantwoorde Skriftuurlike rede bestaan om anders te besluit. Die kerkraad besluit self; daar word nie vir hom besluit nie.

Die kerkraad moet self sê wat sy Skrifgefundeerde oordeel in 'n bepaalde saak is.

Oor die vraag of die begrip ratifikasie (goedkeuring) noukeurig en akkuraat genoeg aandui waarmee 'n kerkraad kragtens Artikel 31 Kerkorde besig is, kan verskil van mening bestaan. Dikwels is daar geen kerkraadsbesluite oor bepaalde sake nie. Dan dwing 'n sinodebesluit die kerkraad om standpunt in te neem deur die betrokke besluit van die sinode te aanvaar of af te wys.

Die regte term in hierdie verband sou moontlik kon wees dat elke kerkraad 'n toetsreg het om te konformeer of te abdikeer.

## Abdikasie

Konformeer of ratifiseer is gewoonlik nie waar die probleem in kerkverband ontstaan nie. Die afwysing van 'n sinodebesluit – uiteraard met die nodige bewyslewering waarom dit afgewys word – is die probleem. Die toetsreg om van die besluit van 'n meerdere vergadering te abdikeer, veroorsaak by tye kerklike probleme. Die ratifikasie van sinodebesluite kan stilswyend gebeur, selfs sonder ordentlike notules van so 'n vergadering. Maar die toetsreg, wat tot abdikasie lei, is altyd 'n beredeneerde saak wat gemotiveer moet word hoekom 'n kerkraad abdikeer en nie konformeer nie.

Daar sou dus eerder op grond van Artikel 31 Kerkorde van 'n toetsplig gepraat kan word. Dié toetsplig rus op elke kerkraad, en het tot gevolg dat 'n kerkraad hom by 'n bepaalde besluit konformeer (neerlê) of abdikeer (daarvan afstand doen). Abdikasie beteken noodwendig dat die kerklike weg by wyse van besware of appêlle opgegaan word.

Abdikasie beteken dat 'n

sinodebesluit nie vir eie rekening geneem word nie, en dat geen uitvoering aan so 'n besluit gegee kan word nie. Abdikasie is 'n uitsondering op die regs- en kerkordereël van *stare decisis* (bly by wat jy besluit het en moenie in beweging bring wat al tot ruste gekom het nie).

*Stare decisis* is 'n interessante ordereël binne die kerke, gegrond op kanonieke (kerk)reg en wêreldlike reg. Dit is egter nie 'n wet van Meders en Perse soos reeds aangedui is nie. 'n Kerklike besluit kan op grond van die Skrif afgewys word.

Konformasie aan kerklike besluite is ongeoorloof indien sou blyk dat die Skrif anders as die betrokke besluit spreek. Die Skrif is ons begronding, ons enigste riglyn, wat lei tot die waarheid wat God openbaar. Dit is die enigste hermeneutiek waarop ons 'n beroep mag doen. Daar moet orde binne die kerk wees, maar nooit ten koste van waarheid nie. *Semper Reformanda!*

## Tensy of Totdat

Uit die kerkreg, asook uit die beginsels in die wêreldlike reg, is dit duidelik dat die heersende saak regs krag het, totdat dit met die uitspraak van 'n soortgelyke geval vervang word. Die Dordtse Kerkorde voeg egter 'n belangrike beginsel daaraan toe: 'vir vas en bindend hou, tensy (*nisi*) bewys word'. Die woord *nisi* kan nooit met 'totdat' weergegee word nie. Die kerkorde toon aan dat, sodra 'n plaaslike kerk 'n saak beoordeel het en vir homself bewys het dat die sinodale besluit verkeerd is, die sinodebesluit net daar en dan nie vir vas en bindend gehou hoef te word nie.

In die wêreldlike reg geld dieselfde. Sodra 'n hof bewys dat 'n voorafgaande besluit van 'n hoër hof verkeerd is, kan dit vir die saak wat dien die heersende reg

<sup>1</sup> Die artikel is in *Waarheid en Dwaling*, Maart/April 2008 gepubliseer.



maak deur so 'n uitspraak te lewer. Natuurlik kan teen so 'n uitspraak appèl aangeteken word totdat dit uiteindelik in die hoogste hof getoets is.

Terug by die kerkreg: sodra 'n kerkraad besluit dat 'n sinodebesluit verkeerd is, kan en mag die kerkraad die heersende (vas en bindende) besluit met sy eie besluite vervang. Die Kerkorde reël dat die kerkraad sy besluit, gerugsteun deur die nodige bewyse en redenasie, self op appèl na die meerdere vergaderings sal neem.

In die tussentyd, soos in 'n wêreldlike hof, geld die sinodebesluit nie vir so 'n kerkraad nie. Hy is nie daaraan gebind nie, totdat uiteindelik 'n opvolgende sinodale vergadering daardie besluit verander het.

Die geldigheid van 'n meerdere vergadering se besluit is dus nie 'n inherente geldigheid nie, maar is 'n toetsbare geldigheid waaraan gekonformeer word of geabdikeer word.

## Die verantwoordelike party

Wie kan konformeer of abdikeer, behalwe diegene wat 'n onafhanklike selfstandigheid het? Is dit nie juis 'n groot wins van die reformatie dat die vervormde pouslike oorheersing gereformeer is tot die skriftuurlike gegewe dat Christus die Here van sy kerk is en dat Hy sy kerk deur sy ampsdraers regeer nie (NGB artikel 27 en 30)?<sup>2</sup>

As 'n selfstandige kerk deur sy kerkraad dus 'n konformasie of abdikasie besluit neem, is dit dan nie Christus self wat sy kerk deur hierdie besluite regeer nie? Dit was die regte woordkeuse van die Dordtse Kerkvaders om in lyn met die Skrif en voorafgaande kerkreg die woord tensy in Artikel 31 van die Kerkorde te gebruik, en nie totdat (tot op die oomblik dat) nie.

Die eintlike probleem is dus nie of 'n kerkraad by 'n sinodebesluit kan konformeer of abdikeer nie, maar of 'n kerkraad uitvoering kan gee aan sy eie besluit of dat hy met die uitvoering moet wag totdat die

volgende sinode saamgestem het. Is die plaaslike kerkraad in staat en wys genoeg om 'n besluit verkeerd te bewys, of is die versamelde wysheid op meerdere vergaderings nodig om so 'n besluit te kan neem?

## Bewyslas en bewysreg

Sodra 'n kerkraad 'n ander siening as die meerdere vergadering het, het hy die plig om te bewys dat so 'n sinodebesluit in stryd is met Skrif of kerkorde (Artikel 31 se bewoording, vergelyk ook Artikel 46 Kerkorde).

Behalwe dat 'n kerkraad oor skriftuurlike wysheid moet beskik, sal hy ook die reëls van die bewysreg moet volg. Skriftuurlike wysheid is 'n gawe van God. Dit is 'n gawe wat ontwikkel deur grondige bestudering van sy Woord, met gebruikmaking van alle moontlike hulpmiddele, soos vorige sinodebesluite se redenasies, Bybelkommentare, en buitelandse kerklike beslissings oor dieselfde onderwerp.

Bewysregreëls en bewysreg hoort tuis by die prosesreg. Die reëls is in beginsel die manier waarmee 'n saak bewys word. Daar is byvoorbeeld die reël van die onweerlegbare vermoede dat die Woord van God waar en genoeg is.

Alhoewel dit nie die bedoeling en strekking van hierdie artikel is om die hele bewysreg aan te haal en te verduidelik nie (daarvoor is genoeg bronne beskikbaar<sup>3</sup>), is 'n aantal sake tog van belang om te noem, aangesien Artikel 31 die woord 'bewys' gebruik.

Bewys dui aan dat daar een of meer gronde vir 'n bevinding ten opsigte van 'n feitelike geskilpunt is. 'n Feit is bewese as daar voldoende gronde bestaan om dit te aanvaar. Daar is bewys op die eerste gesig (*prima facie*) en afdoende of konklusiewe bewyse. Bewysmateriaal kan ook aangebied word in die vorm van getuienis of materiaal vir geregtelike kennisname. Getuienis sluit in skriftelike en mondelinge

verklarings asook dokumente en voorwerpe. Net feite word bewys, nie die reg self nie; feite in geskil en feite relevant by die feit in geskil<sup>4</sup>.

Daar rus 'n bewyslas (*onus probandi*) op een van die partye wat sal bepaal of die gronde vir 'n feitelike geskilpunt voldoende of onvoldoende is. 'n Bewyslas is geen weerleggingslas nie, omdat laasgenoemde tydens die loop van 'n geding van die een na die ander party kan skuif. Die bewyslas skuif nie. Wie beweet, moet bewys<sup>5</sup>.

'n Vermoede is die middel waarmee die bewys voorsien word. Die feitelike vermoede affekteer die weerleggingslas, maar nie die bewyslas nie.

By die strafprosesreg kan stawende getuienis aangebied word wat bevestigende bewysmateriaal is buite die feite wat bewys moet word, soos buitelandse sinodebesluite oor dieselfde saak. Dit moet natuurlik wel toelaatbaar wees en nie byvoorbeeld sinodebesluite van nie-korresponderende kerke nie.

Versigtigheid is altyd noodsaaklik en versigtighedsreëls help daarmee. Hierdie stel reëls raak nie die toepaslike bewysmaatstaf nie, maar is hulpmiddele wat nie formalisties toegepas moet word nie.

Die onweerlegbare regsvermoede<sup>6</sup> is nie 'n feitelike vermoede nie. Dit is eintlik nie eers 'n vermoede nie, maar 'n feit. Die voorbeeld van die Skrif is reeds genoem. Die weerlegbare vermoede is 'n gevolgtrekking uit feite, wat kan verander as daar voldoende gronde aangevoer word<sup>7</sup>.

'n Voorbeeld van 'n feitelike vermoede is as 'n kommissie deur 'n sinode aangestel word, hy dan binne die mandaat sal bly wat aan hom gegee is.

Vermoedens kan ook bots, soos mense! Selfs een stel feite kan tot botsende vermoedens aanleiding gee, maar een stel feite kan ook

4 *Factum probans en factum probandum*

5 By die sivielereg geld: *semper necessitas probandi incumbit illi, qui agit*

6 *Praesumptio iuris et de jure*

7 *Praesumptio iuris tantum*

2 Sien 'n artikel van Prof B Spoelstra in *Die Kerkblad* van November 2007.

3 Bewysreg - 3e uitgawe Prof CWH Schmidt, Butterworths

tot botsende toepassings van dieselfde vermoede gee. Hoe dikwels het ons dit nie al binne die kerk gesien nie.

'n Geregtelike kennisname hoef nie bewys te word nie. Beide partye moet byvoorbeeld aanvaar dat daar geen tittel of jota van God se Woord afgedoen mag word nie. Dit berus dus op 'n fondament van getuigenis, naamlik God se Woord self. Daar is geen twyfel nie. Almal aanvaar dit so.

Ten slotte kan nog die relevansie-vereiste genoem word. Iets is relevant as daar 'n logiese verband met 'n ander saak bestaan. 'n Feit wat bewys verskaf (*probans*), kan self vanweë sy relevansie 'n feit word wat bewys moet word (*probandum*); byvoorbeeld die vertaling van 'n kernteks by die saak in geskil. Vir verdere en nog

verwante bewysregtelike reëls word verwys na relevante literatuur.

Samevattend hieroor kan gestel word dat ook kerklike vergaderings gebind is aan ordelike reëls van die bewysreg en beginsels soos die van hoor en wederhoor<sup>8</sup>.

### Samevatting

Indien 'n kerkraad ordelik volgens bepaalde reëls en met wysheid, wat deur grondige Skrifstudie verkry word, 'n bepaalde sinodebesluit volgens sy toetspelig en toetsreg op grond van Artikel 31 Kerkorde toets, kan hy as verantwoordelike kerklike liggaam so 'n besluit vir vas en bindend hou en aanneem en daarmee konformeer of abdikeer (afwys).

Voorafgaande kerklike besluite

8 Audi alterem partem wat in feite 'n skriftuurlike beginsel is.

moet vir vas en bindend gehou word volgens die *stare decisis* beginsel, wat in kerk- en wêreldlike reg geld, tensy (*nisi*) bewys word dat dit met die Skrif of die Kerkorde in stryd is. Die geldigheid van 'n selfstandige kerkraad se besluit hang nie af van die bevestiging deur 'n volgende sinode na die appèlproses nie. *Sola Scriptura!*

In beginsel is dit egter wys om aan die uitvoering van so 'n besluit nie onmiddellik gevolg te gee nie, totdat daar duidelikheid kom by 'n volgende sinode. Binne kerkverband kan die een selfstandige kerk dit van die ander selfstandige kerke verwag. Met independentisme is die kerk van Christus nie gediend nie. Dit druis in teen die gesamentlike onderskrywing van die Dordtse Kerkorde.

## ONDERWYS

P le Roux Bisschoff, Pretoria

# 'n Gereformeerde ouerskool!

Deur die eeue was en is daar 'n hele aantal verskillende skoolmodelle. Die een so goed as die ander? En is ouerskole maar een daarvan?

Nee. Die model van 'n ouerskool het sedert die Reformasie in die 16de eeu geleidelik ontwikkel as die model wat die naaste is aan wat die Bybel aan gereformeerde ouers leer. Dit wil egter nie sê dat ander modelle nie moontlik of verkeerd is nie.

### Die doel van onderwys in 'n neutedop

- Om God te leer ken, te leer vertrou en te leer gehoorsaam.
- Om kennis van die Bybel en die kerkgeskiedenis op te doen.
- Volgeling van Christus te word (deel te hê aan die salwing van Christus).

- Selfdissipline en -beheersing te leer.
- Te leer om jou hele lewe in diens van God en jou naaste te plaas.
- Jou te bekwaam en te bewapen vir die verskillende lewenstake en -rolle.
- Onderskeidingsvermoë te bekom ('gereformeerde voelhorings').
- Insig/wysheid te bekom.
- Te leer wat dit beteken om die skepping te ontwikkel – kultuuropdrag.

'... sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus' (2 Timoteus 3:17).

### Luther oor skole

'Ek vrees die dag wanneer skole die wye hekke van die hel sal word,

tensy ywerig gewerk word om die Woord van God in die harte van die jongmense in te graveer. Ek sou niemand aanraai om sy kind in 'n skool te plaas waar die Bybel nie die hoogste plek van gesag beklee nie.

Elke instelling waarin mense nie onophoudelik besig is om die Woord van God as eerste prioriteit te onderrig nie, sal ongetwyfeld inherent versleg en uiteindelik boos wees.<sup>1</sup>

### Skoolmodelle vandag

- Kerkskole soos wat 'n mens by Rooms-Katolieke-, Moslem- en 'n aantal ander kerkgemeenskappe kry. 'n Belangrike kenmerk is dat die verantwoordelikheid, bevoegdheid en invloed van

1 Martin Luther. Vrye vertaling uit Smit, SC. Ontstaansdeterminante van Evangelies-Christen privaatskole. M Ed-verhandeling, RAU. Johannesburg. 1991.

ouers beperk en van die kerk as organisasie groot is.

- Staatskole wat deur 'n land se owerhede ingestel, beheer en gefinansier word. Hierdie soort skole het in die afgelope eeu die mees algemeen voorkomende vorm van skole wêreldwyd geword. Die invloed en bevoegdheids van ouers verskil van land tot land. Dit word bepaal deur die owerheid wat altyd die laaste sê het. In Suid-Afrika bestaan ouerinvoel op staatskole in beperkte mate, hoofsaaklik adviserend, maar hierdie bevoegdheids word al minder.
- Private skole wat deur enkelinge of ondernemings opgerig en bestuur word, dikwels met die doel om wins te maak of om in 'n sekere behoefte te voorsien. Ouers se bevoegdheids is baie beperk en hoofsaaklik adviserend.
- Ouerskole soos opgerig deur 'n groep ouers om 'n sekere skool- en onderwysbenadering toe te pas en om soveel as moontlik invloed op die onderwys van hul kinders te hê. Hierdie soort skole word hoofsaaklik in gereformeerde kringe in lande soos Nederland, Australië, Nieu-Seeland, Kanada, die VSA en ook in SA gevind. Owerhede meng in, sogenaamd om seker te maak dat sekere minimum standaarde wel bereik word, maar dikwels ook om 'n sekere lewensbeskouing af te dwing.
- Tuisonderwys is waar ouers hul kinders glad nie na 'n skool stuur nie, maar die onderwys self behartig. In sommige lande word dit verbied, in ander word dit toegelaat, soms onder sekere voorwaardes om minimum standaarde te probeer verseker. Die mate van sosialisering van die kinders met ander, asook die akademiese resultate is wyd uiteenlopend, want die kwaliteit van die onderwys hang in 'n groot mate af van die vermoë van ouers om onderwys te gee.

Agter elke skoolmodel lê nie net 'n sekere filosofie of selfs ideologie

nie, maar ook 'n stuk praktyk. So word in baie lande geglo dat staatskole eintlik die enigste model behoort te wees, omdat slegs owerheidsinstansies oor die finansies en kundigheid beskik om goeie onderwys moontlik te maak.

'n Ideologiese oorweging, soos in Suid-Afrika, is dat die land se regering van mening is dat die opvoeding van kinders die verantwoordelikheid van die staat behoort te wees. Dit was in die nasionaal-sosialistiese en kommunistiese lande in die vorige eeu ook die geval.

### Die ouerskool-model

Die volgende punte is baie belangrik in die oorweging van die ouerskoolmodel:

- Die Here gee aan die ouers die verantwoordelikheid om hul kinders op te voed in die vrees van die Here, met kennis van sy groot dade, en met die volle uitbouing van die kind se vermoëns en talente om Hom te dien (kultuurmandaat en rentmeesterskap).
- Kinders moet, namate hulle opgroei, leer om nie-Bybelse invloede te herken en daarteen bewapen word – hierin speel die model van 'n ouerskool 'n belangrike rol.
- Kinders is baie beïnvloedbaar (veral in hulle tienerjare). Sterk en goeie leiding is nodig.
- Ouers moet so intensief as moontlik by die opvoeding van hul kinders, volgens God se wil, betrokke wees. Daarom moet die ouers verantwoordelik wees vir die aanstelling van onderwysers, die leerplanne en ook soveel as moontlik by die werk van die onderwyser, as die ouer se verlengstuk, betrokke wees. Die ouers en die onderwysers vorm 'n span.
- Ouers het meestal nie die tyd en kundigheid om self die kinders te onderrig op die gebied van 'n aantal gespesialiseerde vakgebiede nie. Dus moet ander gereformeerde kundiges (onderwysers), met konfessioneel

dieselfde uitgangspunte, betrek word.

- Gelowiges werk saam as 'n verbondsgemeenskap in die gemeenskap van heiliges deur saam 'n skool te stig en bekwaame onderwysers daarvoor aan te stel, deur mekaar se laste te dra, deur van mekaar se vermoëns en talente gebruik te maak.

Al hierdie aspekte en eienskappe word gewoonlik saamgevat deur te verwys na die driehoek van gesin, kerk en skool – 'n driehoek wat intensief saamwerk en dieselfde lyne trek ten opsigte van die opvoeding en onderwys van die kinders. Indien die drie nie dieselfde lyne trek nie, verwar dit die kind; hy weet nie meer wat om te glo en wat nie.

### Owerheidsrol

Ouerskole word in die meeste lande ten volle of gedeeltelik deur die ouers gefinansier, sonder dat die staat aan hulle enige toegewing maak ten opsigte van belasting – iets wat billik sou wees omdat ouerskole (en ander private skole) die staat baie geld spaar. Die uitsondering is die unieke onderwysstelsel in Nederland, waar alle erkende skole, dus ook gereformeerde ouerskole, ten volle deur die staat gefinansier word.

Dit is wêreldwyd, ook in Nederland, so dat waar 'n owerheid iets gee, hy dit op sekere voorwaardes doen. Dus as 'n owerheid 'n ouerskool erken en subsidieer, moet so 'n skool aan owerheidsvereistes voldoen. Dit is onvermydelik.

Selfs as 'n skool geen subsidie ontvang en ten volle deur die ouers gedra word, stel die owerheid vereistes en minimumstandaarde en behou die reg voor om toesig te hou, in ruil vir die toestemming wat die owerhede gee om so 'n skool te bedryf. Dit klink dalk onbillik, maar dit is nie heeltemal die geval nie. Onderwys is 'n gespesialiseerde terrein. Hoe meer tegnologies ontwikkel 'n land is, hoe meer is dit die geval. 'n Owerheid wat die groter prentjie insien ten opsigte van toekomstige

manekragbehoefte, ook wat betref verwickelings op die gebied van die pedagogiek, beskik oor kundiges om standarde en vereistes te kan voorskryf. Dit is kundigheid wat ouers, ook in gereformeerde kringe, dikwels nie het nie.

Ongelukkig is 'n owerheid se vereistes en voorskrifte dikwels daarop gerig om die eie siening en beleid af te dwing en nie noodwendig om die behoeftes en voorkeure van die land se groepe en gemeenskappe te fasiliteer nie.

Dit is goed dat owerheidsinstellings leiding gee en reëls en regulasies neerlê, maar dit moet in belang van die betrokke kinders en ouers wees en nie in belang van die een of ander ideologiese of pragmatiese voorkeur soos gesien deur die owerheid nie.

Die beginsel is dat ouers die reg moet hê om self volle verantwoordelikheid te neem vir die opvoeding (insluitende onderwys) van hul kinders. Owerhede behoort dit te fasiliteer en daarby slegs vir die voorsiening van onderwys te sorg waar ouers dit nie kan of wil doen nie.

Gereformeerde ouers het die volste reg en het sekerlik ook die plig om hulle vir eie ouerskole te beywer. Die owerheid moet volgens hierdie beginsel aan sulke ouers die reg en ook die moontlikhede gee, finansiële en andersins, en dit nie vir die ouers moeilik en onbekostigbaar maak nie.

## Eienskappe van ouerskole

Wat maak ouerskole so uniek? Gereformeerde ouers en onderwysers gaan van die Bybelse oortuiging uit dat die almagtige Skepper se wil op alle terreine van die lewe gehoorsaam moet word. Dit beteken dat die opvoeding nie beperk mag word tot die religieuse aspekte van die lewe nie, maar dat die kind op alle terreine van die lewe geleer moet word hoe om God, volgens sy wil soos ons dit in sy Woord leer, te dien.

Ook moet die kind sekulêre invloede leer raaksien en verstaan,

sodat hy dit kan onderken en weerstaan. Dit is deel van die antitese waarmee die gelowige dwarsdeur sy lewe te doen kry. Hy moet sy lewe lank stry om vir die goeie te kies en die verkeerde te verwerp. Dit geld ook ten opsigte van alle ander invloede wat veelvuldig in sy jong lewe op hom inwerk.

Dit impliseer dat daar 'n eenheid moet wees tussen wat die kind in die ouerhuis, die kerk en die skool leer. Die gereformeerde skool is gewortel in die kerk as gemeenskap van heiliges. As broeders en susters, die gemeenskap van heiliges met al sy aktiwiteite, moet ons op mekaar toesien en mekaar bemoedig. Daarom is die ouerskool, as deel van die driehoek, so belangrik. En daarom is beheer van die skool deur gelowige ouers so belangrik. Daarom is die model van 'n ouerskool uit beginsel die aangewese vorm en bied die beste moontlikhede in hierdie verband.

## Interne bedreigings

Ook van binne gereformeerde kringe is die ouerskool vandag in die spervuur en wel van twee kante: sekularisasie en individualisme.

### Sekularisasie

In die moderne wêreld het dit ook vir gelowiges belangrik geword om hul kinders te bekwaam volgens die jongste stand van kundigheid en die toekomstige behoeftes van die arbeidsmark. Hul kinders moet kwalifikasies bekom om 'n goed-betalende loopbaan te hê.

Op sigself is daar niks mee verkeerd nie, mits dit nie ten koste gaan van die opvoeding in die geloof, wat steeds die hoogste prioriteit moet wees nie. Ook op hierdie gebied verslaan Satan sy duisende. 'n Loopbaan, goeie salaris, hedonistiese soeke na genot en plesier word nagestreef, ten koste van die stryd om die behoud van die geloof, instandhouding van die kerk en die verkondiging van die evangelie. Geloofsopvoeding en -onderwys kom toenemend in

die tweede plek. As gereformeerde ouers moet ons daarteen waak dat ons prioriteite nie besig is om te verskuif nie. Die gereformeerde onderwyser het hierin 'n taak om die ouer, indien nodig, leiding te gee.

### Individualisme

God se volk is 'n eenheid, 'n verbondsvolk deur God gegewe en beveel – sy verbondsvolk. Hierdie Godgegewe gemeenskap van heiliges is uiters belangrik vir die onderlinge geloofsopbou, die instandhouding van die kerk, en vir die onderlinge steun en bemoediging, ook ten opsigte van opvoeding en onderwys.

Teenoor die kind het die skool 'n sosiaal-integrerende taak. Kinders moet geleer word om met ander kinders om te gaan.

Ook onder God se volk neem individualisme sterk toe. Elkeen het sy eie oortuigings. Elkeen wil vir homself en die eie gesin op sy eie manier sorg. Elkeen wil sy eie kinders ook op onderwysgebied versorg en al minder sy eie gawes tot voordeel en opbou van die gemeenskap van die heiliges aanwend.

Daar kom nog by dat kinders al meer segenskap kry. Die kind se mening weeg meer as wat ooit in die verlede die geval was.

## Opdrag

Ouerskole word deur baie ouers wat daarby betrokke is, as normaal aanvaar. Hulle besef dikwels nie meer watter rykdom die Here hulle daarmee gee in vergelyking met ander skoolmodelle nie. Die gevolg is maklik louheid en gearriveerdheid. Dit is vir hulle nie meer nodig om vir die behoud van ouerskole te stry nie. 'n Mens moet oppas vir hierdie vorm van selfgenoegsaamheid. Die vyand lê en loer en sal van enige vorm van swakheid gebruik maak om hierdie gawe van die Here aan te val.

Ouerskole is 'n kragtige instrument en hulpmiddel van die Here aan sy kerkvolk en vloei voort uit wat die Bybel leer – spesifiek die

doopbelofte. Daar is bedreigings van buite en van binne eie geleedere. Die tyd kan kom dat ouerskole onmoontlik gemaak

word, maar dan moet dit nie die skuld van gelowiges self wees nie. Solank die Here die moontlikhede gee, moet aan ouerskole se

voortbestaan en uitbouing gewerk word. Dan sal die Here sy seën nie weerhou nie.

## OP DIE BOEKRAK

Mev H Schutte, Pretoria

# Ken jy hulle?

## *Studies oor Bybelmense (dele 1-3)*

Die mense van die Bybel was mense, soos ons, wat deur God gebruik is. Met al hulle gebreke het Hy hulle op die bladsye van sy Boek ingeskryf.

Die Bybelmense – ken ons hulle regtig? Is dit net ou verhale uit ons kindertyd wat vandag vir ons nie veel betekenis het nie? Is God vir ons 'n verhewe Wese ver bo ons wat geen belang of bemoeienis met ons het nie?

Kom, stap saam met my deur die openbaringsgeskiedenis in die Bybel en ontmoet hierdie mense opnuut. Sien die doel van die Here met hulle lewens raak en leer Hom beter ken. Dan vind ons ook rigting vir ons eie lewe. Ons is vir Hom belangrik deur Jesus Christus.

In 130 studies (elkeen met 'n paar vrae aan die einde) word hierdie mense van nader beskou. Deel 1 behandel onder andere die twaalf seuns van Jakob. Elkeen het 'n eie seën van hulle pa op sy sterfbed ontvang. Wat het hulle daarmee gemaak? Onthou ons Rispa met haar hartverskeurende moederliefde en Simson se ma se gebroke hart?

Deel 2 vertel onder meer van Besaleël en Oholiab se gawes, die toewyding van Barsillai, Benaja en Ebed-Melek. Ook Maria se pyn, Kajafas en Pilatus word nader bekyk. Laat Feliks se uitstel vir ons 'n waarskuwing wees.

Deel 3 bevat in sommige gevalle langer en meer uitgebreide studies, omdat volledige Bybelboeke by die

Klein Profete bespreek word. Die doel is om dele van die Woord wat min, of glad nie gelees word nie, toeganklik te probeer maak. Dié geskrifte is so aktueel vir vandag.

Baie dikwels word die geskiedenis en voorskrifte rondom die Ou-Testamentiese offerdiens en die werk van die priesters as vervelig en sonder toepassing vir vandag beskou. Ek hoop dat u met ander oë daarna sal kyk by die lees van Deel 3.

Die geskiedenis van die konings van Juda en Israel kan eweneens as vervelig afgemaak word. Kom kyk hoe die Here deur baie eeue met sy volk gewerk het.

Lees weer van Saul, Salomo se rykdom en vindingrykheid, die boosheid van die Herodes-familie en baie meer. Bo alles is God steeds in beheer van wêreldmagte, ook as ons moedeloos is.

Ons, as gelowiges, beklee ook die amp van profete, konings en priesters in navolging van ons Here Jesus Christus, in Wie al drie die ampte volmaak verenig is.

Kom ons hou aan om tot eer van die Here as profete die evangelie uit te dra, as konings teen die bose te stry en as priesters voorbidding vir ander en vir ons land te doen.

Ek hoop die boeke sal u inspireer om weer die historiese gedeeltes van die Bybel te lees. Lees dit met oë wat deur die Gees van God oopgemaak word. Hy gebruik steeds mense. Is u gewillig om in sy diens te staan met die gawes wat

Hy u gee? Die Here sê self: 'Die oes is groot, maar die arbeiders min'. Soek die skat in die saailand en jy sal 'n skat in die hemel hê.

Mag hierdie boeke tot seën wees oral waar dit gelees word, want die werk is biddend gedoen.

NS: Sommige van die studies in Deel 2 het gedurende 2006 in die Gereformeerde Vroueblad verskyn.

Prys: Deel 1 – R30; Deel 2 – R65; Deel 3 – R50 (Posgeld is nie by die pryse ingesluit nie).

Besikbaar by: die skrywer, telefoonnommer 012 548 2295, selfoonnommer 082 325 0751 of die Administratiewe Buro Potchefstroom of Folmer Boekhandel Pretoria/Kaapstad.

# Vyf redes vir tweede diens

In sy reeks oor die Gereformeerde erediens skryf ds WL Bredenhof in *Clarion* (Maart 2008) waarom die bywoning van die tweede diens belangrik is. Hy verskaf vyf redes:

- Om doelbewus net een diens by te woon, terwyl die geleentheid vir 'n tweede diens bestaan is selfbeskadiging en die kiem van selfdoding. Om jousef van die Woord en sakramente te weerhou is om jousef skade te berokken, aangesien God juis daardeur te werk gaan.
- Tweedens is die soort optrede skadelik vir ons families. Dit gee 'n voorbeeld van hoogmoed aan die kinders deur. Dit leer die kinders eiewilligheid aan in die verband hoe God gedien moet word. Daar word telkens in die Skrif teen hoogmoed gewaarsku (1 Petrus 5:5).
- Derdens word die eenheid van die kerk aangetas deur doelbewus en berekend net een diens by te woon. Die liggaam van Christus, die kerk, doen dinge saam – en dit sluit die openbare erediens in.
- Vierdens vereis die vyfde gebod dat eer en gehoorsaamheid betoon word aan die ampsdraers wat oor die kudde moet toesig

hou. As die kerkraad die gemeente tot 'n erediens oproep is dit nie opsioneel om dit by te woon nie.

- Vyfdens word die amp van die herder geminag aangesien hy juis aangestel is om met die Woord die gemeente te versorg. Wanneer die herder se werk, selfs in die aantal ure wat dit neem om 'n preek voor te berei, onderwaardeer word, is dit 'n uitspraak oor die herderlike liefde van Christus die Opperherder. Ampsagting sluit erediensbywoning in (1 Tessalonisense 5:12-13).

## Waar is die diakens heen?

In sy redaksionele kommentaar skryf dr J Visscher in *Clarion* (Mei 2008) oor die tendens in sommige gereformeerde en presbiteriaanse kerke dat die diakenamp verwaarloos word. Hy stel dat die kerk hierdie amp bitter nodig het vir die wel-wese van die kerk, maar ook ter wille van die kerk se geloofwaardigheid in die wêreld. Te veel word die kerk daarvan beskuldig dat die kerk selfgesentreerde eilande is in die middel van 'n see van wêreldseer en smart. Dr Visscher pleit vir die breë visie op die ampswerk van 'n diaken wat die Ou-Testamentiese wortels insluit

oor hoe die barmhartigheid van God in die kerk en aan die wêreld getoon word. Niemand mag in die kerk van Christus agterraak in die genade nie. Waar dit wel gebeur is dit nie 'n vingerwysing na die kort hande van Christus nie, maar na die toe ore van die ongehoorsame liefdegebrekkige kerk. Die wonderlike amp van die diaken moet ingestel en voortgesit word in die kerk.

Dit is belangrik om hierby te noem die tendens in sekere makro-gemeentes dat die besondere ampte heeltemal in onbruik raak, as gevolg van die verkeerde visie op die amp van die

gelowige. Christus wil juis deur die besondere ampte die gewes in die kerk binne die amp van die gelowige 'n vaste werksaamheid gee. Slegs so kan versmoring van die gewes of die verdwyning van die besondere ampte teengewerk word. 'n Kerk met 'n dominee as besturende direkteur en 'n klein handuitgesoekte aangestelde bestuurspan rondom hom (of deesdae ook haar) lei nie tot die bevordering van die amp van die gelowige nie. Christus wil deur die besondere ampte, en dan veral die diaken, sy kerk in barmhartigheid koester en die wêreld aan sy liefde blootstel.

## Afknoery op skool

Onder die rubriek *Education Matters* skryf Laura Veenendaal in *Clarion* (Februarie 2008) dat

afknoery 'n al groterwordende probleem word – veral in publieke skole. Onlangse navorsing oor

die verskynsel, soos die boek van B Coloroso, *The Bully, the Bullied and the Bystander*, beklemtoon

dat afknouery aangeleerde gedrag is. Navorsing toon verder dat die probleem nie soseer gaan oor kinders wat woede probleme ondervind nie en ook nie kinders

wat poog om probleme op te los nie. Die kern van die probleem is dat die afknouer minagting openbaar teenoor iemand wat hy of sy as waardeloos ag. Die

probleem van stilsweye deur die slagoffer is ook 'n saak wat baie meer aandag behoort te geniet.

## Die pous oor 'Jesus van Nasaret'

Verlede jaar het daar 'n boek van die huidige pous, Benedictus XVI (Joseph Ratzinger) verskyn met die titel 'Jesus van Nasaret'. Hy poog om duidelik te maak wat die evangelies aangaande Jesus skryf, terwyl hy blyke gee dat hy uitnemend op hoogte is van die oes van die histories-kritiese metode van eksegeses. Hy gee ook die ou kerkvaders goed weer terwyl hy geensins aan toeganklikheid inboet nie, aangesien hy wel op aktuele eietydse vrae sy konsentrasiepunt plaas.

Wanneer Ratzinger oor die misterie van Jesus handel, hou hy die Ou Testament goed in die oog. Hy werk met die skema van belofte en vervulling – sy vertrekpunt is Deuteronomium 18:15 waar 'n nuwe Moses en nie 'n nuwe

Dawid nie, beloof word. Dit is die wapen wat Ratzinger ook teen die histories-kritiese aanpak gebruik. As die belofte-element buite rekening gelaat word, met ander woorde die wesenlike eenheid van die twee testamente, gaan die kern van wie Jesus Christus is by 'n mens verby. Dit is sy groot kritiekpunt teen die historiese eksegeses: hulle kom nooit verder as menslike woorde nie. Dáármee kan die misterie van wie Jesus is, nie reg verstaan word nie.

Binne die Roomse kerk, wat so deur Maria-verering oorspoel word en waar die aanroeping van heiliges daaglikse praktyk is, is dit merkwaardig dat die pous 'n boek oor Jesus Christus die lig laat sien. Hy is van mening dat Jesus se selfaanduiding baie meer deur die

term 'seun van die mens' gekleur word as deur die messiaanse aanduiding. In Lukas 24:46 en Matteus 26:64 is dit duidelik dat die Here Jesus Homself as Messias aandui. Daar is talle merkwaardige punte in die boek wat opbouend kan meewerk in die eksegeses van die Skrif. Tog bly 'n pous aan die woord. Dit blyk uit sy siening oor die sogenaamde liggaamlike selfoffergawe van Christus by die mis en die siening dat die 12 apostels die stamvaders van die wêreldvolk is. Met voorbehoud van 'n kritiese leesingsgesteldheid kan die boek tog as leesbaar aanbeveel word (na aanleiding van 'n resensie deur AN Hendriks in *Nader Bekeken*, Maart 2008).

## Gedagtes oor Skrifbeskouing

In die *Hervormer* (Augustus 2008) verskyn 'n opsommende artikel van GM Malan oor sy nuwe boek *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Met die intrapslag word uitsprake oor die belydenis gemaak asof dit uitsprake vanuit die belydenis is. Of die 'kerk' as die Hervormde kerkverband geneem word of die breë protestants-gereformeerde kerk is, is nie duidelik nie. Tog deel die Hervormde kerk die drie formuliere van eenheid met ander

gereformeerde kerke, en wat dan oor 'die kerk bely' gesê word, veral oor Skrifgesag, is beslis breër as een kerkverband. Enkele belydenis-aansprake val vreemd op die oor:

So word gestel: *Oor die Bybel bely die kerk dat dit die Woord van God is. Heeltemal korrek, maar dan volg daar: Daarmee bedoel ons nie dat God die Bybel geskryf of gedikteer het nie. Die Bybelse geskrifte bevat getuienis van mense*

*wat daarvan oortuig was dat God 'n verhouding met hulle aangeknop het en Hom op verskillende wyses aan hulle geopenbaar het. Hierin sien ons die werk van die Heilige Gees.*

Dit is juis wat die kerk nié glo nie. Die kerk glo nie dat die Bybel die woord oor God is nie, maar dat dit inherent die Woord van God is. Om te stel dat God Hom in die verlede aan mense geopenbaar

het, en dat ons met die mense se getuigenis oor God, vir onself 'n eie openbaring van/oor God uit hulle getuigenis moet tregter, is om 'n bietjie wyd met die belydenis om te gaan. NGB artikel 3 stel die kerk se belydenis duidelik: *Ons bely dat hierdie Woord van God nie deur die wil van 'n mens gestuur of voortgebring is nie ...* (2 Petrus 1:21).

Die kerk bely nié dat die Bybel die Woord van God word nie, soos wat Malan stel: *Ons bely dat God deur hierdie mense se geloofsgetuigenis weer in nuwe tye aan die woord kan kom, sodat dit opnuut vir ons ook die lewende Woord van God word. So openbaar God Homself voortdurend weer en ook vandag steeds aan ons.* Dit is Barth se belydenis en Barth en Malan verskil hier van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die kerk se belydenis.

**VERENIGING VIR  
GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL**

*Redaksie: Waarheid en Dwaling*

Dr ALA Buys

Ds C Jooste

Dr GJ Meijer

Ds HLJ Momberg

Dr HS van der Walt

Mev JC de Wind

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 332 4676

e-pos: [jokedewind@gmail.com](mailto:jokedewind@gmail.com)

Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

*Administrasie-adres:*

Mev Hanneke Das

Waarheid en Dwaling

Posbus 31712, Totiusdal, 0134

Tel 012 331 4733 (na 19:00)

e-pos: [jdirkdas@magalies.net](mailto:jdirkdas@magalies.net)

*Intekengeld:*

R150 per jaar en addisionele bydraes

kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling

Spaarrekening 9054701904

ABSA, Waverley, Pretoria

*Tegniese versorging:*

Printburo

Posbus 25316

Gezina

0031

Verder word gestel dat daar 'n sentrum en periferie in die boodskap van die Bybel is. Maar wat is daardie sentrum? Malan stel: *As kerk van Christus bely ons dat die verlossing deur Christus die sentrale moment van die boodskap van die Bybel is.* Waar het die kerk besluit dat juis dit die sentrale boodskap is? NGB artikel 7 stel dit heel anders. Daar word gepraat van God se wil, saligheid, die hele wyse waarop God gedien moet word. Hierdie verlossingsverskralling is populêre teologie, maar nie die belydenis van die kerk nie.

Nog 'n tipiese Barthiaanse term is om oor God as *Gans Andere* te praat. *Omdat God die Gans Andere is, is menslike spreke oor God 'n poging om die on-sê-bare te sê, om oor iemand te praat waaroor ons nie die regte woorde het nie.* Stadig oor die klippe. Hierin steek 'n hele paar voorveronderstellings oor die Woord van God wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie. Is dit regtig so dat die mens nie die regte, of genoeg woorde het om met of oor God te praat nie? Wat as die Woord, wat in die begin was, en by God was, en self God is, 'n verbonds-Woord is, wat juis die basis van spreke is, menslik én Goddelik? Dat God se Woord juis ant-woord moontlik maak, in en deur Christus self, die Woord van God? Die kerk bely nie dat ons spreke, ons belydenis, 'n poging is om die on-sê-bare te sê nie. Dit klink so nederig, maar is in wese die grofste hoogmoed oor die openbaring van God. Asof God se Woord, waardeur alles ontstaan het, nie in staat is om 'n ver-ant-woord-elike mens te skep nie. Die verbond is ver op die agtergrond in Malan se gedagtes oor Skrifbeskouing.

Nog baie ander Barthiaanse gedagtes kan uitgewys word: gesag van die Skrif slegs as genademiddel (die triomf van die genade), die verandering van geïnspireerdheid na inspirasie, is die oortjies van die seekoei waar die werk van die Gees en die Woord geskei word. Hierdie gedagtes van Malan oor Skrifgesag

– dit bly slegs menslike gedagtes en nie kerklike belydenis-amen op die Woord nie – sal uiteindelik, soos alle Barthiaans geïnspireerde teologie, uitspoel in die diep blou see van die mistiek waar ek my eie 'geloofsoortuiging' as openbaring aansien. Wie die werking van die Woord losmaak van die Gees, soos Barth se teologie inderdaad doen, het geen verweer teen die mistieke en subjektiewe teologie nie. Dit is wel fassinerende gedagtes oor ('n?) God, maar glad nie die Woord van God nie. Die kerk moet sy belydenis ken en in die teologie eerlik daarmee omgaan. Anders is al wat 'n mens oor het gedagtes oor Skrifbeskouing.